*Historia* 53,2, November 2008, pp 208-262

# P.J. (Piet) van der Merwe en D.J. (Dirk) Kotzé aan die stuur by Stellenbosch, 1959-1977: Goue Jare of Verspeelde Geleenthede?

***J.S. Bergh****

Hierdie artikel fokus op die jare 1959 tot 1977, toe P.J. (Piet) van der Merwe en D.J. (Dirk) Kotzé saam aan die hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch gestaan het. Dié tydperk staan egter nie heeltemal los van die voorafgaande jare, asook die jare onmiddellik na 1977 toe Van der Merwe afgetree en Kotzé saam met D.J. (Diko) van Zyl in beheer van die departement was nie. Dié jare sal dus ook in aanmerking geneem word waar dit van belang mag wees.

Oor hierdie tydperk in die geskiedenis van die Departement Geskiedenis, sowel as oor die betrokke leierspersoonlikhede, is reeds heelwat regstreeks en onregstreeks geskryf. Enkele van hierdie bydraes spreek skerp kritiek teenoor die departement en sy werksaamhede, asook spesifiek die twee professore uit. Die mees onlangse bydrae is die 2006-publikasie met die herinneringe en evaluerings van twee prominente Afrikaanse historici, wat aan verskeie departemente Geskiedenis, waaronder dié van Stellenbosch, verbonde was.[1] Hierdie publikasie het wye belangstelling uitgelok, wat tot lewendige boekbesprekings in verskeie tydskrifte gelei het.[2] Pieter Kapp, een van die outeurs, het ook in 2004 ŉ publikasie die lig laat sien wat die geskiedenis van die departement vir die tydperk 1904 tot 2004 behandel. Dié publikasie is veral nuttig omdat Kapp vir die tydperk wat hier ter sprake is, interessante bewysmateriaal uit onder meer die P.J. van der Merwe-versameling (Staatsargief, Kaapstad) en die H.B. Thom- en W.E.G. Louw-versamelings by die Universiteit van Stellenbosch, bygewerk het.[3]

---

* J.S. (Johan) Bergh is professor en departementshoof van die Departement Historiese en Erfenisstudies aan die Universiteit van Pretoria en spesialiseer in die geskiedenis van tussengroepverhoudinge in die voor-industriële tydperk in Transvaal.

1. H. van Aswegen en P. Kapp, *Verandering en Vernuwing in Geskiedenisbeskouing. ŉ Gesprek oor die Ervaring van twee Tydgenote* (Kleio, Pretoria, 2006).
2. Kyk onder meer die boekbesprekings in *Historia*, 52, 1, Mei 2007; *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 47, 2, Junie 2007; en *South African Historical Journal*, 57, 2007.
3. P.H. Kapp, *Verantwoorde Verlede. ŉ Historiografiese Studie. Die Verhaal van die Studie van Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, 1866-2000* (Privaat, Stellenbosch, 2004).

F.A. van Jaarsveld het verder in 1979, tydens die 300-jarige feesvieringe van die dorp Stellenbosch, 'n voordrag by die universiteit gelewer waarin hy die geskiedenis van die departement vir die tydperk 1866 tot 1977 behandel het. Hierdie voordrag het later as hoofstukke in twee van sy boeke neerslag gevind. Een van dié hoofstukke handel spesifiek oor P.J. van der Merwe.[4] In die laasgenoemde hoofstuk word heelwat nuwe inligting gebruik wat onder meer deur Ita van der Merwe, weduwee van P.J. van der Merwe, en verskeie van sy voormalige kennisse verskaf is.

Ander prominente bydraes oor die departement en die leiersfigure van hierdie tydperk, sluit D.J. Kotzé se insette tot die feespublikasie van die universiteit van 1966[5] en tot die huldigingspublikasie met die aftrede van H.B. Thom in[6]; asook D.J. van Zyl en G.S. Hofmeyr se gesamentlike en afsonderlike huldeblyke met die afsterwe van D.J. Kotzé;[7] F.A. van Jaarsveld se huldeblyk;[8] die kort lewensoorsig van P.J. van der Merwe wat in die voorwoord tot sy *Die Matabeles en die Voortrekkers* ingesluit is en postuum verskyn het;[9] en ander bydraes.[10]

Hoewel hierdie bydraes nuttige inligting en perspektiewe oor die geskiedenis van die departement en leierspersoonlikhede in die

---

4. F.A. van Jaarsveld, "Geskiedenis van die Departement Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch, 1866-1977", *in* F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaners se Groot Trek na die Stede* (Perskor, Johannesburg, 1982), pp 226-295; F.A. van Jaarsveld, "P.J. van der Merwe: Ondersoeker van die Afrikaner se landelike pioniersgeskiedenis", *in* F.A. van Jaarsveld, *Wie en Wat is die Afrikaner?* (Tafelberg, Kaapstad, 1981), pp 129-175.
5. D.J. Kotzé, "Stellenbosch se Bydrae", *in* H.B. Thom en ander, *Stellenbosch 1866-1966 Honderd Jaar Hoër Onderwys* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1966), pp 470-472.
6. D.J. Kotzé (red.), *Professor H.B. Thom* (Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1969).
7. D.J. van Zyl en G.W. Hofmeyr, "D.J. Kotzé (1927-1992): Afrikanerhistorikus en Kultuur- en Bewaringsleier", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 31, November 1994, pp 209-220; D. van Zyl, "Dirk Kotzé was 'n Veelsydige en Hardwerkende Dosent", *Eikestadnuus,* 20 Maart 1992; G.S. Hofmeyr, "Huldeblyk aan Dirk Kotzé: Kultuur, Bewaringsmens", *Die Burger*, 16 Mei 1992.
8. F.A. van Jaarsveld, "Dirk Jacobus Kotzé (1927-1992)", *Historia*, 37, 2, November 1992, pp 1-2.
9. P.J. van der Merwe, "Die Matabeles en die Voortrekkers", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 49, II (Staatsdrukker, Pretoria, 1986).
10. Kyk byvoorbeeld: K. Smith, *The Changing Past* (Southern, Johannesburg, 1988), pp 76-80; W. Visser, "The Production of Literature on the 'Red Peril' and 'Total Onslaught' in Twentieth-Century South Africa", *Historia*, 49, 2, November 2004, pp 105-128; D.J. Kotzé Junior, "An Historian's Science as a Vocation: D.J. Kotzé's Use of Nationalism and Socialism at Stellenbosch." Paper presented at the Conference of the Historical Association, 5 April 2004, Stellenbosch.

departement bied, fokus nie een net op die tydperk toe Van der Merwe en Kotzé gesamentlik aan die hoof van die departement gestaan het of op ŉ vergelykende perspektief van dié twee nie. Dié bydraes het verder ook nie probeer om herinneringe van oudkollegas en oudstudente wat later akademiese of aanverwante loopbane gevolg het, meer sistematies in te samel en te ontleed nie. Dié tipe bewysmateriaal is in die verlede slegs broksgewys en op ŉ beperkte skaal benut. Met hierdie artikel word ŉ poging aangewend om die herinneringe sterker op die voorgrond te plaas en met ander tersaaklike bewysmateriaal te integreer. Ten einde voldoende erkenning aan bydraes te gee en om reg te laat geskied aan spesifieke beklemtonings en nuanses, word regstreekse aanhalings ruimskoots gebruik.[11] In die uiteensetting word opeenvolgend aandag aan publikasies; onderrig; studieleiding; onderlinge verhoudinge; die akademiese dinamiek in die departement; en ŉ samevattende evaluering gegee.

**I**

Van der Merwe se studentejare is gekenmerk deur uitstekende akademiese prestasies. Hy het die BA- en MA-grade, asook die Sekondêre Onderwysdiploma met onderskeiding behaal. Daarna is hy in 1934 met behulp van ŉ Porter-stipendium na Nederland, waar hy in September 1937 op 24-jarige ouderdom onder die bekende kultuurhistorikus, J.H. Huizinga, gepromoveer het. Aan die begin van 1938 is hy as tydelik-deeltydse lektor in die Departement Geskiedenis by Stellenbosch aangestel. Hy is in 1939 tot senior lektor bevorder. Omdat daar nie poste vir verdere bevordering beskikbaar was nie, is hy eers in 1955, toe H.B. Thom as rektor aangestel is, tot professor bevorder, met Algemene Geskiedenis as sy doseeropdrag. Vanaf 1959, met die aftrede van J.A. Wiid, het Van der Merwe die Jan Marais-leerstoel vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis beklee.[12]

Van der Merwe het ŉ indrukwekkende lys groter publikasies tot sy krediet. Sy bekende trilogie oor die trekboer is reeds vroeg in sy loopbaan gepubliseer. Nadat sy proefskrif, *Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek 1770-1842* in 1937 verskyn het, het *Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842* in 1938

---

11. My dank aan diegene wat bydraes opgestel en aan my gestuur het. Die bydraes van enkele oudstudente/oudkollegas het my met die ter perse gaan van hierdie artikel ongelukkig nog nie bereik nie. Met hierdie artikel word, vanweë die aard daarvan, in ŉ groter mate as wat normaalweg die geval sou wees, van aanhalings gebruik gemaak. Hiermee word ŉ blik op die departement in ŉ groot mate deur die oë van oudstudente en oudkollegas gebied.
12. Van Jaarsveld, "P.J. van der Merwe: Ondersoeker", pp 131, 134-136.

en *Trek, Studies oor die Mobiliteit van die Pioniersbevolking aan die Kaap* in 1945 gevolg. Intussen het ook *Die Kafferoorlog van 1793* en *Pioniers van die Dorsland* in onderskeidelik 1940 en 1941 uit sy pen verskyn. Van der Merwe het homself dus reeds teen 1945, in sy drie-en-dertigste lewensjaar, as een van Suid-Afrika se voorste geskiedskrywers gevestig. Hierna het daar 'n geruime tyd verloop voordat *Nog Verder Noord* in 1962 en *Bronnelys en Voetnote* in 1972 die lig gesien het. Hy het wel twee hoofstukke tot *Geskiedenis van Suid-Afrika* bygedra, wat in 1953 onder redaksie van A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer verskyn het. Na sy dood is "Die Matabeles en die Voortrekkers" in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (II van 1986) gepubliseer. Hoewel Van der Merwe nie artikels tot vakwetenskaplike tydskrifte bygedra het nie, het ongeveer 200 van sy artikels en foto-artikels, meestal gedurende die vroeë deel van sy loopbaan, in populêre tydskrifte en koerante verskyn.[13] Dit kan waarskynlik in 'n mate toegeskryf word aan die gebrek aan geskikte vakwetenskaplike tydskrifte in Suid-Afrika in hierdie tydperk. *Historiese Studies* het wel van 1939 tot 1949 bestaan, maar dit was met die Universiteit van Pretoria geassosieer. *Historia* is in 1956 geloods, maar het in die aanvangsjare 'n noordelike klem gehad. Die *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* het eers in 1965 ontstaan.[14]

Van der Merwe se vroeë baanbrekerspublikasies oor veral die trekboergemeenskap is aanvanklik nie ten volle deur alle akademici vir die briljantheid en oorspronklikheid daarvan, wat later algemeen erken is, gekrediteer nie. I.D. Bosman, departementshoof van Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, het byvoorbeeld in die veertigerjare homself slegs matig-positief in resensies oor hierdie werk uitgelaat. Hy het nêrens laat blyk dat hy dit as besonder belangrike of as oorspronklike bydraes tot die Suid-Afrikaanse historiografie beskou het nie. Die kerngedagte waarmee hy sy 1941-beoordeling van *Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie* en *Die Kafferoorlog van 1793* afgesluit het, was: "Dit was ons hier alleen te doen om aan te toon dat die rol wat veeroof gespeel het, onderskat word, terwyl dit voorheen uit alle verhouding tot die toedrag van sake veels te sterk benadruk is."[15] Ook sy 1945-

13. Van Jaarsveld, "P.J. van der Merwe: Ondersoeker", pp 145, 154; Kapp, *Verantwoorde Verlede*, p 84.
14. J.S. Bergh, "Historiese Verenigings en Tydskrifte in Suid-Afrika: Verlede, Hede en Toekoms", *Historia*, 38, 2, November 1993, pp 37-38, 40-41.
15. I.D. Bosman, "Die Eerste Botsing tussen Blank en Bantoe. Dr. P.J. v.d. Merwe: *Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie* en *Die Kafferoorlog van 1793*", *Historiese Studies*, 2, 3, Julie 1940-Mei 1941, p 174.

evaluering van *Trek* is slegs matig-positief en hy benut net meer as ŉ halwe bladsy daarvoor.[16]

Die paneel wat Van der Merwe se trilogie oor die trekboer vir die 1948-toekenning van die Akademieprys vir Geesteswetenskappe (later die Stalsprys) beoordeel het, getuig hierteenoor van sy "baanbrekende en insiggewende werk op die gebied van die Suid-Afrikaanse pioniersgeskiedenis". Hulle was verder van mening dat hierdie publikasies uitmunt

> ... deur die nuwe lig wat hul werp op die 18de en 19de eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis veral op ekonomiese en sosiale gebied, deur hul betekenis vir ons kennis van die voorgeskiedenis van die Groot Trek, deur die aandag gewy aan die geskiedenis van Noord-Westelike Kaapland (tot dusver ŉ weinig bekende gebied) en deur hul wetenskaplike en metodologiese voortreflikheid.[17]

W.K. Hancock, van die Australian National University, het tien jaar later die belangrikheid van Van der Merwe se werk, veral aan die hand van *Trek*, in meer detail beklemtoon. Hy skryf in 1958 onder meer:

> [A] distinguised Afrikaner historian, Professor P.J. van der Merwe of Stellenbosch, has spent 25 years of research in elucidating the highly individual character of Afrikaner pastoral expansion. A critical examiniation of South African frontier history must necessarily begin with the work of van der Merwe … His method of research is, within its deliberately accepted limits, flawless – exact and pertinacious study of the archives, corrected and reinforced by geographical explorations and field inquiries. The evidence of his own eyes and ears brings to life the historical records … Yet his passion for detail does not blind him to the broad patterns of the historical process. His book *Trek*, with which this essay will largely be concerned, is a clear-sighted analysis of the process and results of geographical mobility in a pioneering population … In his view (implicit if not explicit) the Great Trek is in a large measure at least, a political event; whereas his concern is with *trek* a social and economic process continuing for two centuries or more … The Boers had discovered their own peculiar answer to the employment difficulty and their own peculiar version of the good life. They trekked with their flocks and herds into the arid pastoral country across the mountains … Population pressure, says van der Merwe, gave the push to pastoral expansion … Well-to-do farmers, generally stayed at home … From the economic point of view, trekking was the easy way out for the poorer landholders or the sons of large families who lacked the capital and skill to establish themselves in the districts of old settlement. Admittedly,

16. I.D. Bosman, "V.d. Merwe dr. P.J.: *Trek*", *Historiese Studies*, 6, 4, Desember 1945, pp 240-241.
17. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, *Agendas en Jaarverslae, Verslag van Werksaamhede oor die Tydperk April 1947-1948*, p 13.

> economics are not the whole of life; it would be a mistake to disregard the lure of adventure, the passion for independence and similar non-economic motives. Yet van der Merwe does not emphasise too heavily these pure psychological aspects of trekking … Van der Merwe's studies of trekking include not only this general fanning out of the Boer population but also the local eddies which are a common characteristic of pastoral life under an extensive system of land use. Some of the eddies were irregular – the unplanned flight of drought-stricken Boers in search of grass and water – but others were systematic seasonal migrations … Professor van der Merwe's work, whether or not he realises it, fits very well into the Turner scheme … Twenty five years ago, Professor van der Merwe accepted definite limitations upon the task that he was setting himself. His labours, nevertheless, have been immense.[18]

So onlangs as die jare tagtig was prominente historici steeds met Van der Merwe se werk oor die trekboergemeenskap beïndruk. In 1982 het F.A. van Jaarsveld homself só daaroor uitgelaat:

> Van der Merwe het dieper gekyk as diegene wat hulle op die Groot Trek blind gestaar het; hy het tot die siel van sy studieobjekte deurgedring en hulle verstaan; hulle vrees vir bloedvermenging; hulle kleurvooroordeel, en hy het heelwat legendes in ons geskiedenis ontmasker … Hy was sy tyd vooruit. Sy streekshistoriese arbeid vergelyk goed met dié van die Franse Annalesskool … Sy boek, *Trek*, kan beskou word as een van die mees oorspronklike boeke wat ooit in Afrikanerhistoriografie verskyn het.[19]

In 1986 skryf Beinart, Delius en Trapido dat Van der Merwe se werk "new standards of scholarship among Afrikaner historians"[20] gestel het, en in 1988 voeg Ken Smith by:

> In the context of the late 1930s and early 1940s, van der Merwe was framing questions that Afrikaner historians as a whole were hardly beginning to ask in the 1970s. His broad approach and attempt to see both sides of the question, his probing of the social aspects of life among the Boers in the interior was unique.[21]

H.B. (Hermann) Giliomee het enkele jare gelede geoordeel dat die trilogie van Van der Merwe die "uitstaande werk" van daardie periode was. Giliomee spreek die mening uit dat die trekboere vir Van der Merwe

---

18. W.K. Hancock, "Trek", *The Economic History Review*, 10, 3, 1958, pp 331-399.
19. Van Jaarsveld, "Geskiedenis van die Departement Geskiedenis", pp 274, 279.
20. W. Beinart, P. Delius and S. Trapido (eds), *Putting a Plough to the Ground* (Ravan, Johannesburg, 1986), p 7.
21. Smith, *The Changing Past*, p 78.

> ... nie anachronismes [was], wat nie in staat was om by moderniserende ekonomie aan te pas nie, maar juis mense wat optimaal by harde omstandighede aangepas het … Wat die verhouding tussen koloniste en inheemse mense betref, is hy van die heel eerste wat met begrip skryf oor die konflik tussen die uitbreidende koloniste en die Boesmans as 'n stryd tussen twee botsende en wesenlik onversoenbare kulture.[22]

Dit is ook so dat die bekende L.M. Thompson en die geograaf Leonard Guelke van Waterloo Universiteit in Kanada hoogs beïndruk met Van der Merwe se werk was en dat die Amerikaanse historikus Roger B. Beck een van Van der Merwe se bande oor die trekboer in die negentigerjare in Engels vertaal het.[23]

Teen die einde van die jare tagtig, met die vrystelling van die Staatsbiblioteek-herdruk van *Die Noordwaartse Beweging van die Boere* ..., was daar egter historici wat enersyds die meriete van Van der Merwe se trilogie erken het, maar andersyds beklemtoon het dat ook hy nie aan die beperkinge en subjektiwiteite van die tyd waarin hy gewerk het, kon ontsnap nie. 'n Resensie van 1989 is byvoorbeeld van oordeel dat daar in daardie stadium "steeds net een reeks gesaghebbende werke oor die trekboersamelewing" bestaan, maar dat "Van der Merwe egter ook vasgevang (bly) in die denkpatrone en vooroordele van sy tyd" en dat sy werk "gewis nie bedoel (is) om lig op die hedendaagse samelewingsproblematiek te werp nie"[24] Die resensent wys onder meer op Shula Marks se kritiek op Van der Merwe se beskouing "dat veediefstal deur die San weens honger eerder as uit weerstand teen grensboerindringing gepleeg is" en spreek die mening uit dat ten spyte van sy indringende navorsing en strewe na objektiwiteit, sy werk tog blanksentries is en dat dit in belangrike opsigte "die trekboer se gebiedsuitbreiding" regverdig.[25]

Van der Merwe se latere werk, *Nog Verder Noord* (1962), is moontlik nie so hoog soos sy trilogie oor die trekboer aangeslaan nie. Vooraanstaande akademici het nogtans nie gehuiwer om die meriete daarvan uit te lig nie. Die prominente Suid-Afrikaanse historikus, C.F.J. Muller, oordeel in 1963 soos volg daaroor:

---

22. H.B. Giliomee aan J.S. Bergh, 18 Maart 2008. (Inligting oor "Die Afrikaanse Geskiedenistradisies"). Hermann Giliomee is 'n emeritusprofessor van die Universiteit van Kaapstad en tans ereprofessor aan die Universiteit van Stellenbosch.
23. Kapp, *Verantwoorde Verlede,* pp 81-82.
24. P.H.R. Snyman, "P.J. van der Merwe. *Die Noordwaartse beweging ...*", *Contree*, 26, Oktober 1989, p 38.
25. Snyman, "P.J. van der Merwe", p 38.

> In hierdie kritiese studie word aan die hand van twee kort joernale wat op 12 Maart 1837 in die *Graham's Town Journal* en op 17 Maart 1837 in die *Zuid-Afrikaan* verskyn het, ŉ pragtige-insiggewende ontleding, oordeelkundig teen ŉ wye agtergrond van bronne- en literatuurstudie uitgevoer. Dit word deur merietevolle veldwerk gerugsteun. Die eindproduk is ŉ model van hoe die kritiese metode op moeilike dokumente-materiaal, in ŉ moeilike tydperk, toegepas behoort te word. Vir hierdie besondere probleem is prof. Van der Merwe skitterend toegerus … Vir baie jare sal dit as ŉ model voorgehou kan word nie slegs aan jong potensiële historici nie, maar ook aan ouer en ervare persone en by uitstek aan diegene wat in die bepaling van Voortrekkerroetes belang stel.[26]

In dieselfde jaar skryf die bekende W.E.G. Louw hieroor:

> Prof Van der Merwe het versigtige, soms pynlik noukeurige navorsing gedoen. Vir die leek sal die boek geen aangename leesstof wees nie. Vir studente behoort dit egter van groot waarde te wees as ŉ navolgingswaardige voorbeeld van kritiese, objektiewe navorsing. Die boek is beslis ŉ aanwins vir die geskiedskrywing.[27]

Van der Merwe het in 1946 die aard van die navorsing waarmee hy besig was, soos volg verduidelik:

> Hy glo dat dit nie moontlik is om op grond van die dokumente in die Argief alleen goeie geskiedenis te skrywe nie, maar dat dit ook nodig is om deur persoonlike kontak intieme kennis omtrent land en mense op te doen. Met die oog hierop (asook om mondelinge oorlewering in verband met pioniersgeskiedenis in te samel), is uitgebreide reise in streke van jonger vestiging in die Kaapkolonie onderneem.[28]

In ongeveer dieselfde tyd, kort nadat hy die Akademieprys ontvang het, is Van der Merwe genader om te reageer op die vraag "waarom die Afrikaanse geskiedskrywing literêr oor die algemeen so doods is."

> Sy antwoord was dat as ons hierdie bewering as ŉ feit aanvaar, dit waarskynlik daaraan te wyte is dat ons geskiedkundiges baie sterk onder die besef verkeer van die waarde van wetenskaplike navorsing en die feite as sodanig. Dit is nie onmoontlik om woordkuns met wetenskaplikheid te verenig nie, maar dit is net ŉ paar begenadigdes wat daartoe in staat is. Geskiedenis is in die eerste plaas ŉ wetenskap en nie

---

26. C.F.J. Muller, "Van der Merwe, P.J.: *Nog Verder Noord*", *Historia*, 8, 2, 1963, pp 133-134.
27. *Die Burger*, 8 Februarie 1963, p 6 (*Nog Verder Noord*. Deeglike Navorsing oor Potgieter-kommissie). My dank aan P.H. Kapp wat hierdie resensensie, asook enkele ander in *Die Burger* en *Die Huisgenoot*, onder my aandag gebring het.
28. *Die Brandwag*, 13 Desember 1946, p 29 (ŉ Rubriek vir Boekliefhebbers. P.J. van der Merwe).

ŉ kuns nie, en sodra ŉ mens op die kunsaspek nadruk lê, bestaan daar gevaar dat die wetenskaplike sy skade sal ly.[29]

Oor Van der Merwe se onvermoë om in sy latere loopbaan publikasies vergelykbaar met dié van sy vroeë loopbaan te lewer, noem Diko van Zyl drie moontlike verklarings: dat Van der Merwe "stelselmatig vasgevang geraak (het) deur ŉ obsessie om ten alle koste alle inligting veral uit primêre bronne oor sy onderwerp te bekom"; dat sy "vrees vir verkeerde gevolgtrekkings op vermeende onvolledige navorsing hom daarvan weerhou (het) om veralgemenings te maak"; en sy "swak ekonomiese beplanning van sy navorsing en skryfwerk".[30] Hieraan voeg P.H. (Pieter) Kapp, emeritusprofessor van Stellenbosch en die Randse Afrikaanse Universiteit, die moontlikheid toe dat Van der Merwe sy "selfvertroue om te publiseer verloor het"; dat die toenemende studentegetalle in dié tyd ŉ groot aanspraak op Van der Merwe se tyd gemaak het, veral omdat hy en Kotzé vir alle derdejaars- en nagraadse studente verantwoordelik was; en Van der Merwe se uitgebreide werk as lid van die Argiefkommissie.[31] J.C. (Jan) Visagie is verder van mening dat Van der Merwe se toenemende fyngevoeligheid vir kritiek en sy swak gesondheid in sy latere loopbaan hiertoe kon meegewerk het.[32] F.A. van Jaarsveld wys ook daarop dat Van der Merwe waarskynlik ŉ belangrike oordeelsfout begaan het toe hy in die vyftigerjare sy navorsingswerk oor die Noordweste met die projek oor die Afrikaner in Rhodesië onderbreek het – wat uiteindelik net twee voorstudies opgelewer het. Dit is in elk geval so dat die tipe navorsingswerk van Van der Merwe besonder arbeidsintensief was.[33]

Die akademiese rekord van D.J. Kotzé as student op Stellenbosch was net so skitterend soos dié van Van der Merwe. Hy het al sy grade met onderskeiding geslaag. Hy het trouens ook met onderskeiding aan die Hoërskool Piketberg gematrikuleer.

Die eerste publikasie van Kotzé het reeds in 1950 in sy drie-en-twintigste jaar verskyn, toe sy verhandeling vir sy meestersgraad, "Die Eerste Amerikaanse Sendelinge onder die Matabeles", in die

29. *Die Huisgenoot*, 18 Junie 1948, p 53 (Ons Bring Hulde Aan …). Hierdie standpunt het Van der Merwe ook in 1968 met sy honneursvoorlesings gehandhaaf (Persoonlike herinneringe).
30. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, pp 3-6.
31. Kapp, *Verantwoorde Verlede*, p 86.
32. Herinneringe opgestel op my versoek: J.C. Visagie, "Herinneringe aan P.J. van der Merwe en D.J. Kotzé", Julie 2007. Doktor Visagie is ŉ emeritusdosent van die Universiteit van Stellenbosch.
33. Van Jaarsveld, "P.J. van der Merwe: Ondersoeker", pp 143-144, 154-166.

*Argiefjaarboek*-reeks opgeneem is. Ook sy proefskrif, “Die Eerste Amerikaanse Sendelinge onder die Zoeloes, 1835-1838”, is ŉ paar jaar later in dié reeks gepubliseer. Hierdie prestasie is ŉ aanduiding van die gehalte van sy vroeë navorsingsuitsette. Uit sy meestergraadstudie het in 1950 ook ŉ bronnepublikasie, *Letters of the American Missionaries*[34] voortgevloei. In die lig van Kotzé se aanvanklike belangstelling in die teologie, die BA (Admissie)-graad wat hy met onderskeiding behaal het en die sukses met sy nagraadse studie,[35] kan met reg beweer word dat hy goed toegerus en in staat was om op die terrein van sendinggeskiedenis ten minste net soveel betekenisvolle en oorspronklike bydraes as met sy latere navorsingsuitsette oor ideologieë te lewer.[36]

Kotzé het uiteindelik bekendheid met sy studie en navorsingsuitsette oor die rol van die ideologieë nasionalisme en sosialisme in sowel die wêreldgeskiedenis as die Suid-Afrikaanse geskiedenis verwerf. Hierdie frontverandering in navorsingsbelangstelling het moontlik reeds plaasgevind kort nadat hy in 1954 onder H.B. Thom gepromoveer het. Hy het homself inderdaad, waarskynlik met die oog hierop, verder in Ekonomie en Frans bekwaam. Hy was toe reeds met sy voorgraadse studie sterk in Filosofie onderlê. Van 1954 tot 1956 het hy, met ondersteuning van die Koningin Victoria-Stipendium, aan universiteite in onder meer Amsterdam, Bonn en Wes-Berlyn verder studeer. Daarbenewens sou hy in later jare nog verskeie verdere navorsingsbesoeke aan Europa bring. In 1956 is hy as senior lektor aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel en in 1959 tot professor bevorder, met Algemene Geskiedenis as doseerterrein.[37]

Kotzé se groter publikasies oor nasionalisme en sosialisme/kommunisme as historiese kragte, het in kort opeenvolging vanaf 1965 by die gevestigde Tafelberg-Uitgewers verskyn en getuig van uitsonderlike produktiwiteit en hardwerkendheid: *Die Kommunisme I: Die Klassieke Marxisme* (1965); *Positiewe Nasionalisme* (1968); *Nasionalisme as Historiese Faktor: ŉ Vergelykende Studie* (1969); *Nasionalisme: Geskiedenis van Pan-Nasionalistiese Bewegings (1970)*; *Nasionalisme en Kommunisme* (1970); *Soeklig op die Kommunisme*

---

34. The Van Riebeeck Society, Cape Town, 1950.
35. D.J. van Zyl en G.S. Hofmeyr, “D.J. Kotzé (1927-1992): Afrikanerhistorikus en Kultuur- en Bewaringsleier”, *South African Historical Journal*, 31, November 1994, pp 210-211.
36. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, “Prof. Dirk Kotzé: Statuur as Akademikus”, Oktober 2007.
37. Van Zyl en Hofmeyr, “D.J. Kotzé (1927-1992)”, p 210; Kapp, *Verantwoorde Verlede*, pp 89-90.

(1972); *Kommunisme Vandag* (1977); en *South Africa and Communism* (1979). Die eerste band oor nasionalisme is in Engels vertaal: *Nationalism: A Comparative Study* (1981).[38]

Benewens hierdie publikasies het vele ander publikasies van "historiese en aktuele aard oor temas wat die Afrikaner se geestelike en stoflike lewe geraak het" uit sy pen voortgevloei – as "boeke, hoofstukke in boeke, brosjures en meer as 'n honderd artikels, veral in tydskrifte soos die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* en *Die Huisgenoot* en dagblaaie soos *Die Burger*". Sommige van hierdie bydraes het voortgevloei uit sy lidmaatskap van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) en die Historiese Monumentekommissie, waarop hy van 1960 tot 1984 gedien het, asook sy voorsitterskap van die Wes-Kaapse Streekskomitee van die RNG (1972-1984).[39] D.J. Kotzé Junior wys daarop dat sy pa se publikasies breedweg in vier fases ingedeel kan word, naamlik: die laat veertiger- en vroeë vyftigerjare – dié publikasies wat uit sy meesters- en doktorale studies voortgevloei het; die jare sestig – Klassieke Marxisme; die laat jare sestig en vroeë jare sewentig – publikasies oor nasionalisme; en tussen 1976 en 1985 – publikasies oor Europese Sosialisme (sy 1985-manuskrip is nie gepubliseer nie).[40]

Wanneer die navorsingsuitsette van Kotzé oor nasionalisme en sosialisme beoordeel word, moet enersyds in gedagte gehou word dat, in teenstelling met Van der Merwe se navorsingsterrein, 'n groot aantal internasionale historici en akademici baie aktief bydraes hiertoe gelewer het. Andersyds moet dit in berekening gebring word dat 'n belangrike deel van sy navorsingsveld as eietydse geskiedenis beskou kan word wat aan dinamiese veranderinge blootgestel is. Kotzé het sy bydraes

38. Veral *Positiewe Nasionalisme* en *Soeklig op die Kommunisme* is klaarblyklik op 'n populêre wyse aangebied om dit meer toeganklik vir die gewone leser te maak.
39. Van Zyl en Hofmeyr, "D.J. Kotzé (1927-1992)", pp 212-215. Hierdie werke sluit onder meer in *Dapper Kinders van Suid-Afrika* (Sondagskool-Boekhandel, Bloemfontein, circa 1963); *Professor H.B. Thom* (Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1969 – as redakteur en skrywer); *Die Kindermonumente in Bloemfontein* (Sondagskool-Boekhandel, Bloemfontein, 1958); *Die Afrikaanse Taalmuseum* (Uitgewer en plek onbekend, 1977); en hoofstukke in publikasies soos *Grense: 'n Simposium oor Rasse- en ander Verhoudinge* (Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1961); H.B. Thom (red.), *Stellenbosch 1866-1966* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1966); en A.G. Oberholster en P. van Breda (reds.), *Paarlvallei*, *1687-1987* (RGN, Pretoria, 1987).
40. D.J. Kotzé Junior, "An Historian's Science as a Vocation: D.J. Kotzé's Use of Nationalism and Socialism at Stellenbosch." Paper presented at the Conference of the Historical Association, 5 April 2004, Stellenbosch.

byvoorbeeld op die hoogtepunt van die Koue Oorlog gelewer, terwyl die grensoorlog en binnelandse opstande in volle swang in Suid-Afrika was. Met die val van die Berlynse Muur, die ontbinding van die eens magtige Sowjet-Unie, die vinnige konsolidering en uitbreiding van die Europese Unie en in Suid-Afrika die ontbanning van verbode organisasies en die nuwe bedeling van 1994 – veranderinge wat deur min kundiges twintig jaar tevore voorsien is – het aspekte van Kotzé se navorsingsuitsette binne die bestek van enkele jare minder relevant geword.

Die publikasies van Kotzé is met hulle verskyning en in die jare onmiddellik daarna, baie hoog aangeslaan. Hy het reeds in 1970 die Tafelberg-Uitgewersprys vir Wetenskaplike Prosa vir sy drie bande oor nasionalisme as historiese faktor ontvang.[41] Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het in 1974 die Stalsprys vir Algemene en Kritiese Geskiedskrywing vir dieselfde werke aan hom toegeken. In die huldigingswoord het ŉ vooraanstaande historikus, J.J. Oberholster van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die toekenning onder meer soos volg gemotiveer:

> In die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing moet hierdie publikasies as baanbrekerswerk aangemerk staan omdat ons historiografie grootliks op die Suid-Afrikaanse geskiedenis toegespits is. Temas uit die algemene of Europese geskiedenis word vermy hoofsaaklik as gevolg van die afstand van die Weste, die gebrek aan bronne hier te lande asook die gebrek aan belangstelling in en die afset van werke daaroor. Prof. Kotzé het hom egter nie deur hierdie struikelblokke laat afskrik nie. By herhaling het hy oorsee gereis om bronne veral in Nederland te raadpleeg. Voeg daarby sy deeglike skoling en ervaring in die historiese navorsingsmetodes en dit is te begrype dat al sy werk getuig van wye belesenheid en die beheersing van ŉ ruim literatuur.
>
> Inhoudelik bevat hierdie drie werke ŉ wêreld van kennis oor een van die belangrikste ideologieë en motiverende kragte van die afgelope honderd jaar. In die eerste band gaan dit om die begrip Nasionalisme om die oorsake van sy ontstaan, sy groei en sy draers. Tegelykertyd is hierdie werk ŉ historiesvergelykende studie. So ŉ historiese vergelyking is ŉ nuwe, moeilike terreinverkenning wat intensiewe kennis van die tema in al sy dimensies vereis.
>
> In die tweede band gee prof. Kotzé ŉ indringende en omvattende geskiedenis van die ontwikkeling en verspreiding van die Nasionalisme vanaf die daglumier van die Westerse beskawing deur die eeue tot vandag. Belangwekkend en aktueel is veral sy ontleding van die Pan-Nasionalistiese bewegings soos o.a. Pan-Afrikanisme.

41. Van Zyl & Hofmeyr, "Afrikanerhistorikus en Kultuur- en Bewaringsleier", p 219.

> In sy derde band kom hy dan tot die Nasionalisme en Kommunisme. Hierdie twee dominerende ideologieë staan teoreties teenoor mekaar, maar die Kommunisme in sy gewetenlose benadering dat alle middels die doel heilig, gebruik dikwels die nasionalisme tot eie voordeel. Omgekeerd kan die nasionalisme as wapen teen die Kom[m]unisme dien.[42]

In 1972 het M. Boucher, professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika, ŉ indringende, maar ook gebalanseerde resensie oor Kotzé se werk oor nasionalisme die lig laat sien. Hy het op die besondere meriete van die publikasies, veral teen die agtergrond van die wye veld wat dit behandel, gewys:

> As a historian of the contemporary world, he places a special emphasis upon a study of the theory of nationalism and its historical application in order to seek a better understanding of present problems … Prof. Kotzé has … read widely both in the philosophy of nationalism and in political history and theory … he has not only provided an excellent general statement, but has also made a further meritorious contribution to historical literature in Afrikaans on a subject of more than purely South African consequence … much the most successful section of his study is the lengthy, factual second volume, in which he gives a concise survey of nationalism through the centuries and five chapters on certain supra-national movements: Zionism, Pan-Slavism, the Pan-Arab movement and Pan-Africanism. The two chapters on Pan-Africanism provide a particularly lucid and cogent exposition of the genesis and growth of the movement, in which both political and cultural aspects receive due attention … Professor Kotzé brings to his task a wide knowledge and a praiseworthy objectivity of approach. It is therefore greatly to be hoped that he will continue his research and add more to our understanding of this important theme. He has much to offer.[43]

Boucher spreek ook punte van kritiek teen die publikasies uit, wat in die lig van die omvattende terrein wat dit dek en die veelheid van benaderings onder internasionale akademici oor hierdie onderwerp, verstaanbaar is. Hy noem onder meer enkele prominente publikasies wat nie in die bronnelyste van die trilogie voorkom nie en wat hy oordeel deur Kotzé geraadpleeg moes gewees het. Hy is verder van mening dat Kotzé ook een of twee ander probleemgevalle met nasionalisme in die hedendaagse wêreld moes ingesluit het, soos dié in Kanada en Ierland; dat Kotzé meer dikwels sy eie gevolgtrekkings en evaluerings moes aangebied het; dat die begrippe nasie en nasionalisme waarskynlik te eng gedefinieer word; en dat voorsiening vir ŉ vierde band gemaak moes

42. J.J. Oberholster, "Stalsprys vir Algemene en Kritiese Geskiedskrywing 1974 aan prof. D.J. Kotzé", *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns Jaarboek*, 1974, p 43.
43. M. Boucher, "Nationalism", *Kleio*, 4, 2, October 1972, pp 66-71.

word, "looking in wider perspective at nationalism today with tomorrow's needs in sight".[44]

Ook F.A. van Jaarsveld het die trilogie oorwegend gunstig geëvalueer:

> Die skrywer het waarlik wyd gelees en beheers sy stof uitstekend. En van stof gepraat, oor weinig temas is soveel geskryf as oor die ideologie van die nasionalisme. Van hierdie literatuur toon die skrywer hom ŉ goeie kenner. Hy is ŉ produktiewe navorser wat ons dwing om van sy werk kennis te neem.

Spesifiek oor die tweede band, oordeel Van Jaarsveld:

> Ons kry ŉ beeld te sien van die werking van hierdie faktor in alle lande van die wêreld, binne die Britse Ryk, in Suid-Amerika en veral ook Asië en Afrika … Die pan-bewegings is insiggewend. Die studie toon aan wat onder ons oë bv. in Afrika en die Arabiese wêreld plaasvind en bring begrip by vir wat daarmee beoog word. Ook laat dit ons die mislukkinge en onpraktiese ideale sien, wat tog maar nie in vervulling kan gaan nie, vanweë die verskeidenhede van lande, tale en kulture … Die verskyning van die boek is ŉ evenement in die Suid-Afrikaanse historiografie, omdat dit die bewys lewer dat daar oor die "algemene" geskiedenis ook bydraes uit Suid-Afrika deur professionele historici gelewer kan word.

Net soos Boucher, lig Van Jaarsveld enkele publikasies uit wat syns insiens deur Kotzé geraadpleeg moes gewees het.[45]

Kotzé se publikasies oor sosialisme/kommunisme is moontlik nie ewe gunstig deur historici as dié oor nasionalisme beoordeel nie. M.J. Swart, professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Wes-Kaapland en later die Universiteit van Port Elizabeth, het byvoorbeeld sy werk oor *Die Klassieke Marxisme* (1965) slegs matig-positief geëvalueer.[46] F.A. van Jaarsveld het weliswaar later meer positief oor al Kotzé se publikasies oor kommunisme geoordeel:

> Soos die nasionalisme is ook die kommunisme ŉ belangrike historiese faktor wat gestalte aan ons moderne wêreld gegee het. Volgens Kotzé kan ŉ mens die geskiedenis van die afgelope 50 jaar nie behoorlik begryp sonder ŉ goeie kennis van die kommunisme nie; dit is by uitstek ŉ geskiedenisfilosofie, met as sentrale gedagte, die historiese materialisme. … Kotzé ondersoek die nasionalisme en kommunisme wetenskaplik en so eerlik en objektief moontlik.[47]

---

44. Boucher, "Nationalism", pp 66-71.
45. F.A. van Jaarsveld, "D.J. Kotzé: Van Nasionalisme as historiese verskynsel …", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 11, 2, Junie 1971, pp 136-139.
46. M.J. Swart, "Kotzé, D.J. Die Kommunisme. Die Klassieke Marxisme", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 6, 1966, pp 206-208.
47. Van Jaarsveld, "Geskiedenis van die Departement Geskiedenis", p 284.

Diko van Zyl, vir ŉ lang tyd Kotzé se kollega en ŉ aantal jare medevoorsitter van die departement, bied ŉ goeie samevatting van Kotzé se publikasies:

> Anders as prof. Van der Merwe, wat weggeskram het van verklarende geskiedenis, word prof. Dirk se groot werke juis gekenmerk deur besondere goeie analitiese en verklarende geskiedenis, maar wat op deeglike navorsing en oordenking van relevante feite berus. Nog ŉ kenmerk van sy geskiedskrywing is die bondigheid van sy historiese aanbieding wat ook sy besondere logiese denke illustreer. Hy was eerder ingestel om met uitstekende formulering historiese problematiek kernagtig aan die orde te stel as om daaroor ŉ lang relaas met ŉ omhaal van woorde te beskryf.[48]

Die besonder gunstige beoordeling van die omvang en gehalte van Van der Merwe en Kotzé se publikasies deur resensente en panele van onder meer die Suid-Afrikaanse Akademie en Tafelberg-Uitgewers, het hulle duidelik in ŉ besondere kategorie geplaas. Dit sou moeilik deur hulle kollegas aan ander departemente Geskiedenis in die land in hierdie tydperk nagedoen kon word. Hulle was ongetwyfeld hiermee sterk rolmodelle vir hulle junior kollegas in die departement. Die vraag ontstaan nou egter of hierdie prestasie deur hulle ook op ander akademiese terreine nagedoen is.

## II

In teenstelling met hulle publikasies, wat hoog aangeslaan is en wye erkenning geniet het, het ten minste sommige van Van der Merwe en Kotzé se oudstudente skerp kritiek teen veral die doseeraanslag van Van der Merwe, asook die inhoud van sy doseermateriaal, uitgespreek. W.E.G. Louw, wat Van der Merwe vanaf hulle gesamentlike studentejare in Nederland geken het,[49] vat dit goed saam wanneer hy in later jare daarop wys dat die beeld van Van der Merwe in elk geval "onder verreweg die meeste studente … dié van ŉ moeilike, ongenaakbare en soms selfs baie bruuske professor, vir wie ŉ mens netjies in jou spoor moes trap", was.[50]

Studente het die onderrig wat hulle by die professore ontvang het, nogtans verskillend ervaar. Ek het self vir die eerste keer in my derde studiejaar (1968) aan die Universiteit van Stellenbosch met Van der Merwe en Kotzé te doen gekry. Van der Merwe het Suid-Afrikaanse Geskiedenis

---

48. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Dirk Kotzé: Statuur as Akademikus", Oktober 2007.
49. Kapp, *Verwantwoorde Verlede*, p 75.
50. Aangehaal in: Van Jaarsveld, *Wie en Wat is die Afrikaner?*, p 141.

en Kotzé Algemene Geskiedenis gedoseer. Hulle doseerstyle het drasties verskil. Van der Merwe het in sy voorlesings hoofsaaklik van die dikteermetode gebruik gemaak. Hy het egter nie woordeliks gedikteer nie, maar dieselfde gedagte ten minste twee keer op verskillende maniere herhaal om tyd aan die studente te gee om dit in hulle eie woorde aan te teken. Sy tema vir die derdejaarsvoorlesings in 1968 was die ontwikkeling van die grondwetlike status van Suid-Afrika. Hy het met 'n inleiding oor toepaslike aspekte uit die Kompanjiesperiode begin en daarna die konstitusionele ontwikkeling van die gebied wat later formeel as die Unie van Suid-Afrika bekend sou staan, in die negentiende en vroeg-twintigste eeu behandel. Hy het die tema met 'n indringende behandeling van die ontwikkelinge met en na Uniewording tot met die Rykskonferensie van 1926, die Statuut van Westminister (1931) en die Statuswet van 1934 afgesluit. Van der Merwe het selfstandige leeswerk oor ander temas voorgeskryf, wat ook vir die eksamen voorberei moes word.

Benewens die voorlesings en selfstandige leeswerk, het Van der Merwe die derdejaarstudente aan seminaarklasse blootgestel. Studente moes tydens hierdie geleenthede die uitgebreide werkstukke wat hulle vir hom saamgestel het, aanbied. My werkstuk het byvoorbeeld oor "Die vorme van grondbesit aan die Kaap tot 1813" gehandel. Vir baie studente was hierdie traumatiese geleenthede omdat Van der Merwe, veral wanneer dit 'n swak werkstuk was, die werk genadeloos in die teenwoordigheid van die ander studente gekritiseer het. In hierdie omstandighede het die spanning vir sommige ondraaglik geraak en in meer as een geval het van die damesstudente in trane uitgebars en selfs flou geword. Hierdie geleenthede was nogtans 'n uitstekende leerskool vir studente in deeglike navorsing, sinvolle sintese, afgeronde aanbieding, en dies meer. Veral omdat hierdie lesse so robuus en reguit oorgedra is, is dit op 'n amper permanente wyse by jou ingeskerp.[51]

Dit is opvallend dat oudstudente van Van der Merwe dikwels ten opsigte van sekere opvallende kenmerke dieselfde herinneringe van sy doseerwerk het, maar dat hulle sy onderrig uiteenlopend evalueer. In teenstelling byvoorbeeld met die skerp kritiek van sommige oudstudente van die laat vyftiger- en die sestigerjare, het daar blykbaar in die veertigerjare 'n persepsie bestaan dat Van der Merwe 'n besonder goeie dosent was. Dit het stellig saamgehang met die tydgees, kritiese ingesteldheid, tegnologiese ontwikkeling en die toenemende beskikbaarheid en toeganklikheid van nasionale en internasionale werke

51. Persoonlike herinneringe.

van hoogstaande gehalte oor verskillende historiese temas vir die student in die verskillende dekades. Die kriteria vir goeie doseerwerk in die dertiger- en veertigerjare sou teen hierdie agtergrond uit die aard van die saak van dié van die laat-vyftiger- en die sestigerjare verskil. 'n Verslaggewer van *Die Huisgenoot* wat in 1948 'n onderhoud met Van der Merwe gevoer het, skryf byvoorbeeld Van der Merwe "is na ons verneem 'n uitstekende dosent, wat die gawe besit om 'n klas met die krag van sy persoonlikheid en die helderheid van sy insig te boei."[52] C.J. (Johan) Barnard, emeritusprofessor van die Universiteit van Suid-Afrika en een van die oudste lewende oudstudente van Van der Merwe, sluit in 'n groot mate hierby aan, asook by W.E.G. Louw se tipering van Van der Merwe se beeld onder studente:

> Ek het vir die eerste keer in 1941 met prof. P.J. van der Merwe (toe dr. P.J. van der Merwe) te doen gekry toe ek met my studies aan die Universiteit van Stellenbosch begin het. Ons het in die Hollandse Saal (naby die Ou Hoofgebou) voorlesings in die Algemene Geskiedenis by hom gekry. Met die eerste voorlesing het Van der Merwe, met sy groot postuur en bulderende stem, 'n groot indruk op my gemaak. Ek het my toe voorgeneem om sorgvuldig aandag in sy voorlesings te gee, sy opdragte uit te voer en nie met hom te bots nie. Dit het goeie resultate opgelewer. Met die aanvang van sy voorlesings het hy ons daarteen gewaarsku om nie te *spot* nie. Hy het ons toe meegedeel dat ons in die semestereksamen net een vraag sou kry om te beantwoord – geen keuses nie. Van der Merwe was nogtans uiters billik met sy puntetoekenning wanneer jy die werk geken en die vraag korrek beantwoord het. Van der Merwe was 'n uitstekende dosent. Hy het van 'n teks voor hom doseer en ons moes afskryf – egter nie woordeliks nie.[53]

Bun Booyens, emeritusprofessor van die Universiteit van Stellenbosch, roep weer sy herinneringe oor Van der Merwe se onderrig so op:

> Ek het in 1944 my B.A.-graad behaal. Prof. P.J. van der Merwe (toe nog dr. Van der Merwe) het voorgraads aan ons klas gegee en het van die dikteermetode gebruik gemaak. Hy het 'n imponerende teenwoordigheid gehad. Hy was deeglik, maar het nie met studente in sy klas kontak gehad nie. Hy het met voorlesings gekom en gegaan en ek weet nie of studente hom ooit op kantoor opgesoek het nie.[54]

E.L.P. (Ernst) Stals, emeritusprofessor van die Randse Afrikaanse Universiteit en die Windhoek Akademie, het hom in sy herinneringe veral

52. *Die Huisgenoot*, 18 Junie 1948, p 53 (Ons Bring Hulde aan … P.J. van der Merwe).
53. Onderhoud met C.J. Barnard, 10 Julie 2007.
54. Onderhoud met Bun Booyens, 4 Desember 2007.

oor die seminaarklasse van sy derdejaar in 1957 uitgelaat. Hy oordeel egter oor Van der Merwe se onderrig oor die algemeen:

> Aan didaktiek as sodanig is min in die departement gedoen, miskien omdat hy self nie veel daaraan gedoen het nie. Hoewel sy eie manier van onderrig baie na aan diktering van aantekeninge gegrens het – so ŉ stadige manier van praat, sodat die student met inspanning kon byhou om alles neer te skryf – was hy ten ene male teen afgerolde aantekeninge gekant. In hierdie opsig het prof. Kotzé van hom verskil en ruim van volledige vooraf opgestelde aantekeninge gebruik gemaak.[55]

Oor die seminaarklasse is Stals se herinnering:

> Dit was in hierdie seminaarklasse, wat in die Ou Hollandse Gebou plaasgevind het, dat prof. Van der Merwe vir hom ŉ reputasie opgebou het wat vir menige student ŉ verskrikking was. Hy het onderwerpe wat met sy navorsing oor Rhodesiese geskiedenis verband gehou het – en waarop hy uit die aard van die saak uitvoerig op hoogte was – aan die lede van die klas gegee, wat daaroor bronne moes gaan raadpleeg, ŉ opstel moes skryf met gebruikmaking van die presiese voorskrifte oor bronneverwysings, dit inlewer en nadat die professor dit nagesien het, aan die seminaargroep voordra. Hier, in die kleiner klas van sowat tien studente, moes jy bontstaan, want prof. Van der Merwe het agter in die klas gesit en jou gepeper met vrae oor die bronne wat jy gebruik het (of dalk nie gebruik het nie), die korrektheid van jou feite en die presiesheid van jou formulering. Die res van die klas het doodstil gesit en toekyk. Ontsenuend soos wat dit was, het hy in die proses ook wel erkenning aan goeie werk gegee. Trouens, my indruk was altyd dat hy, by die streng eise wat hy gestel het, nie onbillik was wanneer dit by toets- en eksamenvraestelle en die bepunting van die antwoorde gekom het nie. Gedurende die tweede helfte van die jaar het die twee professore ons ook in groepies van drie vir ŉ mondelinge toets ontmoet.[56]

ŉ Jaargenoot van Ernst Stals, Con de Wet, lê in sy herinneringe klem op ŉ ander faset van Van der Merwe se doseerwerk:

> Aan die einde van ons derde jaar het hy die laaste klas wat hy vir ons gegee het, gebruik om ons touwys te maak oor die moets en moenies vir die eindeksamen. Hy het ons veral ernstig vermaan om nie te *spot* nie, want volgens hom het dit jaar na jaar gebeur dat net een of hoogstens twee van kandidate se *spot*vrae in die vraestel voorgekom het. Daardie vrae is dan tot in die fynste besonderheid beantwoord, terwyl dit duidelik was dat die kandidaat geen benul gehad het van die res van die vrae nie. Dikwels het hulle ook nog die vermetelheid gehad om aan die einde van die antwoordstel vir hom ŉ nota te skryf: "Jammer, die tyd is om."

---

55. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike herinneringe aan prof. P.J. van der Merwe", Augustus 2007, p 5.
56. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike herinneringe aan prof. P.J. van der Merwe", p 5.

> Daaroor het hy waarskuwend laat hoor: "Nou kyk, dit beïndruk my glad nie. Dit is nou maar tyd se manier. Dit gaan verby."[57]

Pieter Kapp het in 1958 die derdejaarsvoorlesings van Van der Merwe bygewoon en het negatiewe herinneringe daaroor:

> P.J. se beperking van die geskiedenis tot dié aspekte waaroor hy navorsing gedoen het, en die feit dat sy benadering nie probleme van vertolking aangespreek het nie, en sy dikteermetode, het my negatief gestem.[58]
>
> Hy het in die derdejaarklas in 1958 etlike periodes gewy aan die bespreking van die aantal waens wat by Vegkop gestaan het, aan die aantal speke in die wiele, en die aantal assegaaie wat na die slag opgetel is.[59]

Interessant genoeg oordeel ŉ latere kollega van Kapp op Stellenbosch, Chris Venter, heeltemal anders oor die Vegkoptema wat Van der Merwe ook met hulle in 1964 behandel het:

> Ek het die kursus en die wyse van aanbieding baie geniet, maar vir die meeste studente was dit onaanvaarbaar. Die lesings het nie net oor die inhoudelike gegaan nie, maar saam daarmee is ŉ omvattende bronnestudie – ontleding, vergelyking, betroubaarheid van die kontemporêre bronne – gedoen. Die navorsingsmetode wat hy in die derdejaarlesings met ons gedoen het, was die beste basis wat ŉ historikus kon kry. Ek persoonlik het meer by hom oor die praktiese historiese navorsingsmetode geleer as tydens die Honneurskursus [by Unisa]. In ŉ toets of die eksamen het hy geëis dat die vraag volgens die eise van ŉ bronnestudie beantwoord moes word.[60]

Twee jaargenote uit die 1959-derdejaarklas, bring ook punte van kritiek in teen die doseerstyl van Van der Merwe en, in sekere opsigte, die benadering van die departement in daardie tyd. Jan Visagie oordeel:

> Ons, as prof. Piet se studente weet dat sy dikteer-praat styl van voorgraadse lesings nou nie altyd die beste didaktiese punte sou behaal nie … In geheel gesien, seker nie ŉ goeie oordraer van kennis nie.[61]

---

57. Herinneringe opgestel op my versoek: C. de Wet, "Professor P.J. van der Merwe", Oktober 2007. Doktor Con de Wet was voor sy aftrede aan die Kaapse Argiefbewaarplek verbonde, onder meer as Streekhoof: Kaapland (1993-1995), Hoof van die Bewaarplek (1989-1993) en Redakteur van Bronnepublikasies (1963-1979).
58. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 85.
59. Kapp, *Verantwoorde Verlede*, p 85.
60. Herinneringe opgestel op my versoek: C. Venter, "Herinneringe", September 2007.
61. Herinneringe opgestel op my versoek: J.C. Visagie, "Herinneringe oor P.J. van der Merwe en D.J. Kotzé", Julie 2007.

H.J. (Henning) van Aswegen spreek die mening uit:

> [Die] gees van Afrikanerdom het oral neerslag gevind; ook in die geskiedeniskursusse en benadering tot die vak in die departement … Ons is ingelei in die Suid-Afrikaanse geskiedenis met die "groot boek" van die tyd: A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 2 dele … Geen ander algemene werk is òf gebruik òf na verwys nie.[62]

Teen Van der Merwe se seminaarklasse neem hy standpunt in dat dit

> ... meer bedoel was om sy kennis ten toon te stel en om studente te breek as om ŉ sinvolle akademiese gesprek te voer … die persoonlike ervaring daarvan (het) my op die vroeë stadium van my loopbaan al laat besluit dat so ŉ benadering onmenslik en totaal kontra-produktief is.[63]

Diko van Zyl, wat in 1961 in Van der Merwe se derdejaarklas en later as dosent saam met hom in die departement was, evalueer Van der Merwe se bydrae op doseergebied soos volg:

> Prof. Piet se onderrigmetodes het tot sy aftrede bly vassteek by die metodes soos wat hy by sy voorgangers in die Departement geleer het. Studente het nooit afgerolde notas ontvang nie en moes teen hoë spoed sy gedikteerde aantekeninge afskryf. In tegnologiese ontwikkelinge, soos fotostaatmasjiene, transparante en tru-projektors, as hulpmiddele by onderrig het hy geen belangstelling gehad nie; nog minder kon hy die sin daarvan insien … Proff. Van der Merwe en Kotzé het die dosering van geskiedenis in die Departement op derdejaarvlak gemonopoliseer terwyl die ander dosente in die Departement, ingeslote die senior lektore, slegs toegelaat is om vir eerstejaars en tweedejaars voorlesings aan te bied. Volgens die leerplan wat prof. Piet opgestel het, is dosente in die afdeling Suid-Afrikaanse geskiedenis, myself ingeslote, beperk om slegs lesings tot 1910, en voorts praktikum en opstelle op eerstejaar- en tweedejaarvlak aan te bied. Prof. Piet, wat gekant was teen die aanbieding van geskiedenis wat nie gegrond was op kennis wat op primêre navorsing berus het nie, het afwysend gestaan teenoor die aanbieding van kontemporêre Suid-Afrikaanse geskiedenis omdat dit volgens hom te algemeen was en op te veel spekulasie berus, wat natuurlik teen sy grein as professionele historikus was. Dat dit van vormende waarde kon wees vir derdejaarstudente, wat hulle hoofsaaklik voorberei het om tot professies soos die Onderwys en Joernalistiek toe te tree, het hom min geskeel … Dit het die geskiedenisstudente sonder enige insig in twintigste-eeuse historiese gebeure en ontwikkelinge gelaat wat beslis hulle opvoeding en opleiding op universiteitsvlak armer gelaat het. Dit is dus begryplik dat baie derdejaarstudente ŉ afkeer in prof. Piet se lesings ontwikkel het … Prof. Piet se grootste bydrae as dosent het op

62. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 16. Henning van Aswegen is ŉ emeritus-professor van die Randse Afrikaanse Universiteit.
63. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 13.

> ŉ ander vlak gelê, naamlik ongetwyfeld sy voortsetting van die departementele tradisie en die klem wat hy gelê het op die opleiding van geskiedenisstudente as geskiedskrywers. Daarom het hyself en, op sy aandrang, die ander dosente feitlik die helfte van hulle onderrigtyd gewy aan die opleiding van studente in die basiese beginsels van geskiedskrywing by wyse van praktikumklasse, tutoriale, seminaarklasse en die skryf van navorsingsopstelle.[64]

F.A. van Jaarsveld het as buitestaander ŉ soortgelyke oordeel oor Van der Merwe se onderrig op voorgraadse vlak, gefel:

> Vir Van der Merwe was die probleem hoe om die oordraging van inhoudskennis te paar met wetenskapsvorming, want sy doel was om soos aan die Europese universiteit wetenskaplike historici te kweek, waarin hy uitmuntend geslaag het. Van der Merwe laat sy studente sien hoe die wetenskaplike historikus te werk gaan om tot historiese oordele te geraak.[65]

Hierdie benadering het egter nadele en tekortkominge ingehou:

> Hy het nooit ŉ oorsigtelike kennis van ŉ tema of tydvak op derdejaarvlak vereis nie, maar uiterste detailstudies. Vir hom was die aanbieding van die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot sy aftrede sekondêr met betrekking tot ŉ wetenskaplike ingesteldheid, waardeur hy waarskynlik net diegene, moontlik agt tot tien persent van die derdejaarklas, wat verder in die geskiedenis wou studeer, bevoordeel het.[66]

Anders as Van der Merwe, kry D.J. Kotzé oorwegend gunstige kommentaar van oudstudente vir sy doseerwerk. In kontras met Van der Merwe het Kotzé van afgerolde aantekeninge, wat by die boekwinkels te koop aangebied is, gebruik gemaak. Hy het studente ook na ander publikasies verwys. In die lesings het Kotzé die werk op ŉ stimulerende wyse behandel, interpretasies bespreek en soms bykomende inligting en perspektiewe verskaf. Op hierdie wyse het hy ten minste die volgende aspekte in 1968, in die derdejaarklas, met ons behandel: "Die geskiedenis van Groot-Brittanje 1870-1914"; "Frankryk tydens die Derde Republiek 1870-1914"; "Die geskiedenis van die Duitse Ryk 1871-1914"; "Die V.S.A. 1870-1914, met besondere verwysing na sy buitelandse beleid"; "Die opkoms van Japan tot 1914"; "Die Eerste Wêreldoorlog"; "Die Vredesverdrag van Versailles en sy gevolge, veral ten opsigte van die Tweede Wêreldoorlog"; en dele uit sy publikasies, *Positiewe Nasionalisme* (1968) en *Die Kommunisme. Die Klassieke*

64. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, pp 6-7, 8, 10.
65. Van Jaarsveld, "Geskiedenis van die Departement Geskiedenis", p 255.
66. Van Jaarsveld, "P.J. van der Merwe: Ondersoeker", p 138.

*Marxisme* (1965). Later, nadat sy trilogie oor nasionalisme gepubliseer is, het hy ook dele van dié werk voorgeskryf.

In sy seminaarklasse in 1968 het Kotzé die Amerikaanse Konstitusie ontleed. Vir die doel hiervan het hy onder meer van J.W. Peltason, *Understanding the Constitusion* (1967), gebruik gemaak. Elke student het die geleentheid gekry om dele van die Amerikaanse konstitusie te verduidelik. Hierbenewens moes studente ook ŉ groot werkstuk vir hom saamstel. My werkstuk het byvoorbeeld oor "Die Suidwes-Afrika-saak (1914-1966)" gehandel. Beide professore was billik met die toekenning van punte vir toetse en werkstukke wanneer jy jou werk goed geken en die probleemstelling korrek benader het.[67]

Ernst Stals, wat in 1956 as tweedejaarstudent by Kotzé, tóé nog senior lektor, klas gehad het, getuig:

> Kotzé was duidelik die akademikus en het die kursus by wyse van handboekstudie en besprekings in die klas aangebied. Anders as prof. Van der Merwe, het hy hom met die breër bewegings in die geskiedenis besig gehou – iets wat natuurlik meer vanselfsprekend in die ontsaglik omvattende algemene geskiedenis as in die beperkter Suid-Afrikaanse geskiedenis was. Kotzé het ook in sy doseerwerk iets meer aandag aan die filosofiese aspekte van geskiedenis gegee, wat ŉ mens wel van die teorie rondom die vak bewus laat word het. In sy heel eerste ontmoeting met ons tweedejaars het hy die standpunt ingeneem dat geskiedenis sinvol word as die huidige as uitgangspunt geneem word. Dit is dan die taak van die geskiedenisstudent om die wording van die moderne verskynsels te bestudeer. Hierin het hy grondig van sy kollega verskil, vir wie moderne geskiedenis buite perke was.[68]

Stals se jaargenoot, Con de Wet, het hierdie standpunt in ŉ groot mate ondersteun:

> As dosent het hy uitdagings aan sy studente gestel en het hy nuwe idees beproef. Sy lesings oor die Franse Rewolusie, wat sedert my laerskooldae gereeld op die onderrigspyskaart was, het nuwe weë vir my gebaan en my met ander oë daarna laat kyk. Hy het ook probeer om vernuwing in die leerplan te bring. So het hy byvoorbeeld gedurende ons honneursjaar in 1958 ŉ kursus oor die geskiedenis van die sosialisme aangebied.[69]

---

67. Persoonlike herinneringe.
68. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike herinneringe aan prof. D.J. Kotzé", Augustus 2007.
69. Herinneringe opgestel op my versoek: C. de Wet, "Prof. D.J. Kotzé", November 2007.

Pieter Kapp, wat self die Algemene Geskiedenis as doseerveld gehad het, oordeel dat Kotzé "nuwe inhoud en betekenis aan die voorgraadse kursus in Algemene Geskiedenis gegee [het] deur te konsentreer op kritiese vrae oor die interpretasies wat aan die historiese ontwikkelingslyne gegee word."[70] Kapp bied verder ŉ interessante vergelyking tussen die doseerstyle van Kotzé en Van der Merwe.[71]

Diko van Zyl vind in baie opsigte by hierdie uiteensetting aansluiting:

> Prof. Kotzé het anders as prof. Van der Merwe in sy voorlesings in die derdejaar en honneursjaar die aktuele vraagstukke van die twintigste eeu aangespreek, sommige wat voortgevloei het uit sy navorsing en waaroor hy met gesag kon praat, wat ingesluit het die kernagtige behandeling van byvoorbeeld die Ierse en Viëtnamese vraagstukke en die internasionale manifestasies van Sosialisme, Kommunisme en Nasionalisme. In dié verband het hy ŉ reuse bydrae gelewer om sy studente op die hoogte te bring van kontemporêre vraagstukke wat hulle intellektueel verryk het. Van verdere besondere waarde was die behandeling van die moderne grondwette van die VSA en die Sowjet-Unie wat hy in detail bespreek en ontleed het. Vanselfsprekend was sy afdeling "Algemene Geskiedenis" so wyd soos die oseane en het hy slegs op aspekte gekonsentreer waaroor hy besondere dieptekennis gehad het. Opvallend het hy feitlik geen aandag aan aspekte soos Europese vraagstukke en samewerking gegee nie.[72]

Die honneursjaar was ŉ belangrike vormende jaar waarin die studente meer doelgerig in veral die teoretiese, historiografiese en metodologiese aspekte van die dissipline ingelei is. Terselfdertyd, omdat hulle die professore in veel kleiner groepe ontmoet het, was dit ook ŉ jaar waarin hulle meer intensief en regstreeks aan Van der Merwe en Kotzé blootgestel is en hulle beter leer ken het.

In my honneursjaar (1969) het Van der Merwe die "Filosofie van Geskiedenis" en die "Metodiek van Geskiedenis" met ons behandel. In die "filosofie" het hy hoofsaaklik op Ernst Bernheim se benadering in sy *Lehrbuch der Historischen Metode und der Geschichtsphilosophie* (oorspronklik in 1914 gepubliseer) gefokus, asook op Huizinga se kritiek op Bernheim; Jan Romein se kritiek op Huizinga; en ŉ kort gedeelte oor die "funksie" van Geskiedenis. Die afdeling oor "metodiek" was in omvang ongeveer vier keer meer as die "filosofie". Van der Merwe het daarin onder meer aspekte soos bronneleer, historiese kritiek, die

70. Kapp, *Verantwoorde Verlede*, p 90.
71. Kapp, *Verantwoorde Verlede*, pp 90-91.
72. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Dirk Kotzé. Statuur as Akademikus", Oktober 2007, pp 3-4.

betroubaarheid van bronne, mondelinge bronne, rekonstruksie, interpretasie, die vasstelling van samehang en die voorstelling of skryf van ŉ boek, behandel.

Van der Merwe se aanbieding was nie daarop ingestel om bespreking in die klas aan te moedig nie. Sy voorlesings oor veral die metodiek was nogtans besonder nuttig. Dit is deeglik en omvattend aangebied en die verskillende aspekte is ryklik met interessante voorbeelde uit die Westerse beskawingsgeskiedenis toegelig. Hy het dikwels ook Suid-Afrikaanse voorbeelde gebruik wat op sigself die student se kennishorison uitgebrei het – onder meer verwysings na en verduidelikings van die argiefgroep die Oude Wildschutten Boeken, asook die argiefgroepe van die Politieke Raad en dié van die Landdroste en Heemrade in die Kaapse Argiefbewaarplek, die *Grahamstown Journal* as inligtingsbron oor die Groot Trek, en J. Steinmeyer se *Spykers met Koppe* (1946), as ŉ voorbeeld van ŉ memoire. Benewens sy voorlesings, het Van der Merwe uitvoerige selfstudie ten opsigte van die algemene historiografie voorgeskryf – hoofsaaklik uit G.P. Gooch, *History and Historians in the Nineteenth Century* (1967). Ten minste een vraag hieroor is in die eksamenvraestel ingesluit. Ons is ook in die eerste semester intensief aan paleografie blootgestel en moes bewys lewer dat ons tekste uit die Kompanjiestydperk kon lees.

Omdat Kotzé in 1969 met navorsingsverlof in Europa was, het S.J. (Fanie) de Jongh, later senior lektor aan die Universiteit van Stellenbosch en professor by die Universiteit van Wes-Kaapland, in sy plek waargeneem. Hy het op ŉ indringende wyse die geskiedenis van die Derde Duitse Ryk met ons aan die hand van William Shirer se *The Rise and Fall of the Third Reich* behandel.

Ons moes vir elkeen van die dosente ŉ groot navorsingswerkstuk voorberei. Van der Merwe het, baie soos in die geval met die derdejaarseminare, met die uitdeel van die werkstukke intensief en op ŉ reguit wyse foute en tekortkominge uitgewys en by die studente ingeskerp. In die eksamen het een vraestel oor die filosofie/metodologie/historiografie gehandel, ŉ tweede vraestel oor Algemene Geskiedenis, terwyl ŉ derde vraestel tussen Suid-Afrikaanse Geskiedenis en Algemene Geskiedenis gedeel is. Vir die derde vraestel is selfstudie deur die studente ten opsigte van spesifieke temas vereis. Na afloop van die afneem van die drie vraestelle, is ons ook aan ŉ mondelinge eksaminering van die werk onderwerp.

Van der Merwe was ongetwyfeld 'n formidabele dosent met 'n opvallende teenwoordigheid. Hy het die kuns vervolmaak om met sy diktering inligting op so 'n wyse oor te dra dat hy studente gedwing het om self te formuleer en nie bloot meganies woord-vir-woord af te skryf nie. Studente is beïndruk met sy deeglike en indringende behandeling van ingewikkelde aspekte van die Geskiedenis, waarmee hy ook basiese vaardighede van die dissipline aan hulle oorgedra het. Daar het nogtans opvallende tekortkominge in sy honneursleerplan voorgekom. Deur sy "filosofie"-voorlesings basies net tot Bernheim, Huizinga en Romein te verskraal, het hy die honneursstudente die geleentheid ontsê om kennis te neem van byvoorbeeld die bekende werk van R.G. Collingwood, *The Idea of History,* wat reeds vir die eerste keer in 1946 gepubliseer is en daarna verskeie herdrukke beleef het. Studente was ook onbewus van die belangrike debatte wat die prominente werke van E.H. Carr, *What is History?* (1961) en G.R. Elton, *The Practice of History* (1967) betrek het. Daar is selfs nie na Pieter Geyl se *Debates with Historians* (1955) in die honneurskursus verwys nie. Hierdie belangrike leemtes kon waarskynlik gedeeltelik ondervang gewees het indien die uiters belangrike historiografiese tendense op 'n deeglike en afgeronde wyse aangebied is. In plaas daarvan, is dit tot die vlak van selfstudie deur studente gedegradeer en hoofsaaklik tot die genoemde publikasie van G.P. Gooch beperk. Omdat Gooch net op die negentiende eeu gefokus het, en groot dele van hierdie relatief moeilike werk ook nie voorgeskryf is nie, het studente 'n baie beperkte blootstelling gekry. Daar is onder meer geen aandag aan die belangrike tendense soos die Franse Annalesskool, moderne Duitse geskiedskrywing, die Amerikaanse "New History" en die Marxistiese model van geskiedskrywing gegee nie. Daarbenewens is geen poging aangewend om die Suid-Afrikaanse historiografie sistematies-krities met studente te bespreek nie. Hierdie belangrike leemtes in die honneursstudente se intellektuele mondering is verder beklemtoon deurdat hulle feitlik geen blootstelling aan akademiese tydskrifte en debatte oor die nuutste strominge en kontroversiële standpunte hierin gekry het nie. Die verskyning van Monica Wilson en Leonard Thompson (redakteurs) se *Oxford History of South Africa* in ons honneursjaar (1969), het weinig of geen aandag geniet nie. Die potensiële voorsprong wat honneursstudente met 'n indringende bespreking van hierdie publikasie en 'n vergelyking daarvan met C.F.J. Muller (redakteur), *Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (1968), kon kry op die stimulerende debat wat in die daaropvolgende jare tussen historici hieroor gevoer sou word, was daarmee verlore.

Die afwesigheid van Kotzé in 1969 met studieverlof in Europa het moontlik tot hierdie onbevredigende posisie bygedra. Kotzé, met sy

studie-agtergrond in Filosofie en wat meer deurlopend met intellektuele tendense in veral Nederland in aanraking was, kon beslis ŉ belangrike inset gemaak het om die studente se intellektuele horisonne sinvol te verbreed en om hulle by akademiese debatte te betrek. Hy het byvoorbeeld in later jare, na die aftrede van Van der Merwe, twee stukke oor die teorie en metodologie van Geskiedenis vir voorgraadse studente opgestel wat groot byval gevind het – "Inleiding tot teoretiese aspekte van Geskiedenis" vir eerstejaarstudente en "Inleiding tot die teorie van Geskiedenis en die metodologie van geskiedskrywing" vir derdejaarstudente.[73]

Bun Booyens en Johan Barnard bied ŉ interessante kykie in Van der Merwe se betrokkenheid by onderrig aan honneursstudente in die veertigerjare (tóé nog deel van die MA-kursus). Bun Booyens roep dit soos volg in herinnering:

> In 1945 het ek met my M.A.-studie begin. In daardie tyd was daar nie ŉ afsonderlike honneurskursus nie. … Van der Merwe het Metodeleer en Paleografie aangebied. Ons het een keer per week in die aand na sy huis daarvoor gegaan. Hy het gedikteer en ons moes op lae tafeltjies voor ons afskryf. Hy was altyd afsydig en formeel. Ons het reeds gelyktydig met hierdie voorlesing met navorsing in die Kaapse Argiefbewaarplek begin en het elke dag per trein na Kaapstad gereis. Ons was altyd versigtig dat Van der Merwe ook by die Argiefbewaarplek sou opdaag, wat hy dikwels gedoen het, en ons dan nie daar sou kry nie. Ons het dus wanneer ons vinnig vir ete of tee gegaan het ons baadjies en skryfgoed prominent laat agterbly. Soms het ons in die middae van die Argiefbewaarplek weggeglip om die interessante debatte van die Oorlogstyd in die Parlement te gaan luister.[74]

Johan Barnard onthou weer:

> In die honneurskursus het Van der Merwe die Filosofie van Geskiedenis/Geskiedenis as vak aangebied. Daar was vier van ons in die klas … Die honneurseksamen is in een week afgeneem, klaarblyklik vanweë Van der Merwe se haas om so gou as moontlik met sy navorsingsprojek in Noordwes-Kaapland te kon begin. Ons het op die Maandag, Dinsdag en Vrydag geskryf en die mondeling was op die Saterdag. Ons het Van der Merwe se vraestel op die Vrydag geskryf. Na afloop van die vraestel het ek en my meisie by die "REC" gaan tee drink. Van der Merwe het toevallig ook daar opgedaag en toe hy my sien, verneem na hoe ek gevaar het. Op my mededeling dat ek voel ek het goed geskryf, maar dat ek nog vir die mondeling van die volgende dag moes voorberei, was sy reaksie dat dit nie nodig was nie, maar dat ek eerder my meisie kon uitneem. Indien ek wel voorberei, moes ek,

73. Persoonlike herinneringe.
74. Onderhoud met B. Booyens, 4 Desember 2007.

> volgens Van der Merwe, liewer op dié vrae konsentreer wat ek nie in die eksamen beantwoord het nie. Ek het dít gedoen en Van der Merwe het inderdaad daarby gehou.[75]

Ernst Stals, wat in 1958 in die honneursklas was, skryf:

> Prof. Van der Merwe was in die honneursjaar verantwoordelik vir die vraestel in Historiese Metodeleer, wat 'n afdeling Paleografie ingesluit het. Die werke wat hy as handboeke gebruik het en wat ons as studente moes bestudeer, was dié van Bernheim (en Huizinga se kritiek op hom) en Strubbe. Hoewel ons ook 'n boek oor die Geskiedenisfilosofie (Bellón) moes aanskaf, het dit nooit gedurende die jaar ter sprake gekom nie. Paleografie het uit 'n oorsig oor die ontwikkeling van skrif en die gereelde lees (ontsyfering!) van handskrifte uit die Kompanjiesperiode bestaan. Con de Wet en ek was die enigste in die honneursklas en kon dus nie lyf wegsteek nie. Die eksamen het uit die vraestelle in die verskillende afdelings bestaan, aangevul deur 'n mondelinge sessie met die twee professore.[76]
>
> In die honneursklasse het dr. Kotzé met ons die geskiedenis van die sosialisme behandel. Hierin het hy veel meer op die dikteermetode teruggeval en ons moes skryf dat dit bars. Hy het die aantekeninge van klas tot klas opgestel. Ek meen dat hy later hierdie aantekeninge in afgerolde vorm gebruik en toe meer tyd aan bespreking in die klas gewy het.[77]

Pieter Kapp spreek die volgende mening uit oor sy honneursstudie van 1959:

> Dirk Kotzé het vir my my studie van geskiedenis gemaak met die kursusse wat ons in ons honneursjaar by hom gedoen het oor die geskiedenis van sosialisme, Marxisme, kommunisme en nasionalisme. P.J. se beperking van die geskiedenis tot dié aspekte waaroor hy navorsing gedoen het, en die feit dat sy benadering nie die probleme van vertolking aangesprek het nie, en sy dikteermetode, het my negatief gestem. Groter nog was my teleurstelling toe ons in ons honneursjaar die hele jaar wy aan 'n argivale studie van Erasmus [Bronkhorst se verslag van die Potgieter-kommissie] se trek na die noorde. (Gepubliseer as *Nog Verder Noord).*[78]

---

75. Onderhoud met C.J. Barnard, 10 Julie 2007.
76. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike Herinneringe aan P.J. van der Merwe", Augustus 2007.
77. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike Herinneringe aan P.J. van der Merwe", Augustus 2007; Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike Herinneringe aan D.J. Kotzé", Augustus 2007.
78. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 18.

Henning van Aswegen (honneursjaar 1960) ontleed in sy herinneringe veral die inhoud van Van der Merwe se kursus oor teorie en metodologie op ŉ kritiese wyse en spreek hom dan soos volg oor die wyse waarop dit aangebied is, uit:

> Die klem het by die dosente te veel net op feitekennis, soos deur hulle aangebied, geval. Daar was geen ruimte vir interpretasie gelaat nie. Die dosente het nooit die gedagte dat daar ook ander sienings/interpretasies van die "waarheid" kon wees aan ons oorgedra nie. Hulle was eenvoudig te vasgevang in hulle eie klein wêreld van kennis en waarheid. Daar was nie ruimte vir bespreking, meningswisseling en meningsverskille nie. Debat oor sake was ŉ aantasting van die neergelegde waarhede.[79]

In sy herinneringe bring Diko van Zyl (honneursjaar 1962), benewens ŉ aanduiding van die leerplan, sy persoonlike ervaring van die benadering van Van der Merwe na vore:

> Wat die Honneurskursus betref, was prof. Piet verantwoordelik vir die dosering van die teorie van Geskiedenis waar hy hom, soos verwag kon word, onderskei het met die aanbieding van lesings oor die historiese metodeleer. Aan spekulatiewe filosofiese aspekte het hy geen aandag gegee nie omdat hy dit as van geen nut beskou het nie. Hy het voorts Honneursstudente se vermoë om omvattende navorsing oor ŉ spesifieke onderwerp, gegrond op primêre bronne, te doen en die toepassing van die beginsels van bronnekritiek deeglik getoets aan die hand van ŉ ellelange navorsingsopdrag oor ŉ onderwerp wat hy reeds uitputtend nagevors het en wat prof. Piet in ŉ absoluut voordelige posisie geplaas het om die navorsingsvermoë van ŉ betrokke student te toets. Die grootste nagmerrie vir menige Honneursstudent was egter sy praktiese Paleografie-klasse wat bedoel was om die onleesbare Gotiese skrif met sy letters in krulletjies en draaitjies waarin die vroeëre Nederlandse geskrifte geskryf was, te leer lees. Vir prof. Piet, net soos vir sy voorgangers, soos prof. Willem Blommaert, was dit natuurlik van absolute belang dat nagraadse Geskiedenisstudente dié kursus moes volg om hulle in staat te stel om inligting uit die Nederlandse tydperk te ontsluit.
>
> Ek herinner my aan my eerste Honneursklas (die aanvang van die Paleografiekursus) by prof. Piet in Februarie 1962 en die spanning wat daarmee saamgegaan het. In daardie jaar was daar net twee Honneursstudente: ek en Johan de Villiers. Vir die eerste keer was ons regstreeks met prof. Piet gekonfronteer (voorheen kon jy in die groot derdejaarsklas op ŉ manier vir hom koes), maar nou het ŉ mens weggedeins voor sy rysige gestalte, sy oorweldigende persoonlikheid, sy ontoeganklikheid, sy onvriendelikheid, sy geen-nonsens-houding en die kritiese kyk waarmee hy ons aangestaar het.[80]

---

79. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 18.
80. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, pp 8-9.

## III

Die Departement Geskiedenis op Stellenbosch het ŉ lang tradisie van stewige navorsingsuitsette deur meestersgraad- en doktorale studente. Dit dui op deeglike en indringende studieleiding. In hierdie verband is byvoorbeeld al daarop gewys dat 24 persent van alle verhandelinge en proefskrifte wat tot 1979 in die *Argiefjaarboekreeks* gepubliseer is, dié is van studente wat in hierdie departement hulle grade behaal het, terwyl nog sewentien tesisse van dié departement in hierdie tydperk as selfstandige publikasies in boekvorm verskyn het.[81] Die aantal publikasies van die onderskeie departemente Geskiedenis in Suid-Afrika in die *Argiefjaarboek*-reeks kan egter uit die aard van die saak beswaarlik as enigste barometer van die gehalte van tesisse en studieleiding gebruik word. Dit wil byvoorbeeld voorkom of Engelstalige universiteite nie noodwendig dieselfde gretigheid openbaar het om verhandelinge en proefskrifte in dié reeks opgeneem te kry nie. ŉ Ontleding van tesisse aan die hand van die mate waarin nuwe historiografiese tendense en historiese debatte in ag geneem is, kan verder sekerlik ook sinvol wees.[82] Nogtans, indien die publikasies in die *Argiefjaarboek*-reeks saam met die publikasie van ander verhandelinge en proefskrifte in boekvorm in berekening gebring word en hierdie tentatiewe vergelyking in hoofsaak tot Afrikaanse universiteite beperk word, dan vaar die departement van Stellenbosch ongetwyfeld baie goed in hierdie verband. Indien bloot net die aantal tesisse wat in die onderskeie departemente Geskiedenis afgelewer is, in aanmerking geneem word, dan klop die Departement Geskiedenis by die Universiteit van Pretoria dié van Stellenbosch vir die betrokke periode met enkele uitsette. Tog wys Kapp in sy 2004-publikasie daarop dat, benewens H.B. Thom, wat sestien suksesvolle doktorsgraadstudente tot sy krediet het, D.J. Kotzé, wat twaalf doktorsgrade afgelewer het dié dosent is wat vir die meeste suksesvolle doktorsgraadstudente, in vergelyking met dosente in Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse universiteite, as promotor opgetree het.[83]

In teenstelling met die twaalf proefskrifte onder Kotzé se promotorskap, het net twee studente hulle proefskrifte onder Van der Merwe voltooi, naamlik Ernst Stals en Bun Booyens. Eersgenoemde laat hom so daaroor uit:

81. Van Jaarsveld, "Geskiedenis van die Departement Geskiedenis", pp 256-257.
82. Kyk byvoorbeeld W.P. Coolhaas en G.J. Schutte van Nederland se resensies van *Argiefjaarboeke* in *Zuid-Afrika,* volumes 48, 50, 52, 56, 59, 61 en 63.
83. Kapp, *Verantwoorde Verlede,* pp 133-135. Na Kotzé volg D.J. van Zyl (Universiteit Stellenbosch) en F.A. van Jaarsveld (Randse Afrikaanse Universiteit en Universiteit van Pretoria) met tien elk.

> Dit was waarskynlik so dat studente wat met sulke studies [meestersgraad- en doktorale studies] wou voortgaan hom nie as hulle eerste keuse as studieleier beskou het nie, hoofsaaklik vanweë sy reputasie as strenge kritikus en die eise wat hy soms met ŉ mate van ongenaakbaarheid aan die navorser gestel het.[84]

Diko van Zyl is baie dieselfde mening toegedaan:

> Verskeie voornemende M.- en D.-studente het van prof. Piet as studieleier/promotor weggeskram as gevolg van sy uitermate kritiese ingesteldheid en byna bomenslike eise wat hy aan die volledigheid van navorsing gestel het en die absolute klem wat hy op primêre navorsing, korrekte formulering en logiese ordening van die aangebode materiaal geplaas het. Sommige van sy magisterstudente wat by hom ingeskrywe het, het nie verder as die eerste hoofstuk … van hulle onderskeie tesisse gekom nie waarna sommige uit moedeloosheid hulle studies gestaak en hulle navorsingsmateriaal weg[ge]bêre het.[85]

Dit is ook ongetwyfeld so dat, ten spyte van Van der Merwe se onmiskenbare skerpheid van insig, briljantheid met sintesevorming en ander potensieel goeie hoedanighede as studieleier, baie studente deur sy oënskynlik robuuste, intimiderende en ontoeganklike persoonlikheid afgeskrik is. Die eerste ervaring van studente hiermee het dikwels reeds met die keuse van onderwerpe voorgekom. Van der Merwe het nogtans, klaarblyklik in die vroeë deel van sy loopbaan, die inisiatief hiermee geneem – soos toe hy meestersgraadstudente in die dertiger- en veertigerjare oor aspekte van rasseverhoudinge in veral die Kompanjiesperiode laat werk het.[86] Hy het ook in ander gevalle onderwerpe aan meestersgraadstudente voorgestel, soos met Johan Barnard wat oor "Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap" gewerk het.[87] Die proefskrifonderwerp van Bun Booyens, "Kerk en Staat, 1795-1843", was weer ŉ opvolgstudie van sy meestersverhandeling ("Kerk en Staat in die Kompanjiesperiode"), waarvan die onderwerp oorspronklik deur H.B. Thom voorgestel is.[88] Ook dié studente, soos Ernst Stals, wat van hulle voorgraadse jare ŉ belangstelling in spesifieke temas ontwikkel het wat by die belangstelling van Van der Merwe aansluiting gevind het,[89] het nie noemenswaardige probleme met die

---

84. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike herinneringe aan P.J. van der Merwe", Augustus 2007.
85. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, p 12.
86. Kapp, *Verantwoorde Verlede,* pp 82-83.
87. Mededeling deur C.J. Barnard aan my, 8 September 2007.
88. Onderhoud met B. Booyens, 4 Desember 2007.
89. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike herinneringe aan P.J. van der Merwe", Augustus 2007.

goedkeuring van hulle onderwerpe ervaar nie. Van der Merwe het klaarblyklik veral in sy later jare meer ongeduldig en ontoeganklik hiermee geraak, soos wat my eie ondervinding met hom in hierdie verband getuig.

Hoewel ek sou verkies het om onder Kotzé my meestersgraadstudies aan te pak, het ek weens omstandighede in 'n posisie beland waar Van der Merwe onverwags my studieleier geword het. Met Kotzé se studieverlof na Europa in 1969, tydens my honneursjaar, het Van der Merwe aanvaar dat hy my studieleier sou word toe ek verdere studie en die moontlikheid van beurse vir die daaropvolgende jaar met hom bespreek het. Die wyse waarop die twee professore my teen hierdie agtergrond as meestersgraadstudent behandel het, bied 'n kykie in hulle uiteenlopende benaderings. Ek het Van der Merwe baie onbehulpsaam gevind om moontlike navorsingvelde en -voorstelle met my te bespreek en my aan te moedig. Omdat ons in die honneursjaar hoegenaamd nie 'n indringende of selfs 'n oorsigtelike verkenning van die Suid-Afrikaanse historiografie gedoen het of aan die nuutste strominge en tendense blootgestel is nie, het ek verlore gevoel. Van der Merwe se standpunt was dat ek self 'n onderwerp moes formuleer en die lewensvatbaarheid daarvan in die Kaapse Argiefbewaarplek moes vasstel, wat in daardie stadium 'n bykomende vreemde ervaring was. Omdat ek boonop vir 'n groot deel van daardie jaar amper voltyds vir beide professore as assistent ("tydelike junior lektor") opgetree het, was die tyd wat ek hieraan kon afstaan, relatief beperk.

Die gebruik in die departement was dat wanneer 'n nagraadse student sy navorsingsvoorstel voorlê, beide professore teenwoordig was. Beide Van der Merwe en Kotzé het dus my navorsingsvoorstel in die eerste helfte van 1970 aangehoor. Van der Merwe het, soos sy gebruik was, my hardhandig en genadeloos behandel, my voorstel aan skerp kritiek onderwerp en afgewys. Aan die een kant het ek waardering daarvoor gehad omdat ek vir die eerste keer werklik kon agterkom wat die gebreke in my voorstel was en waar ek fouteer het. Aan die ander kant het ek dit, teen die agtergrond van sy gebrek aan hulp en studieleiding in die voorafgaande maande, as onbillik beskou.[90] Kotzé het, soos te verstane, nie ingemeng nie. Daardie aand het hy my egter verras met 'n besoek aan my klein buitekamer in Soeteweide naby sy huis,

90. Dit moet nogtans beklemtoon word dat met my assistentskap vir die twee professore, en omdat ek in die eerste helfte van 1970 ook die laaste deel van my termyn as Studenteraadslid uitgedien het – belas met onder meer die instelling van die nuwe pruimrooi baadjie vir studente – ek beperkte tyd tot my beskikking gehad het vir die voorbereiding van my navorsingsvoorstel.

waarheen ek vanaf die manskoshuis Dagbreek na afloop van my honneursstudie verhuis het. Dit het gou geblyk dat die doel van sy besoek was om my moed in te praat na die gebeure van die dag. Ek het dit baie waardeer. Hy het my daarna aangemoedig om die volgende jaar ŉ pos by een van die ander universiteite te aanvaar en my meestersgraadstudie daar te doen. Ek sou dan vir my doktorale studie na die Universiteit van Stellenbosch kon terugkom. Toe ek my instemming hiermee laat blyk het, het Kotzé dadelik werk hiervan gemaak. Reeds teen die einde van Julie 1970 het C.F.J. Muller, departementshoof by die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa), op Kotzé se versoek aan my geskryf. Hy het my ŉ lektoraat op ŉ tydelike basis vir 1971, "met die moontlikheid van verlenging of ŉ vaste aanstelling", aangebied. Daarbenewens het hy laat blyk dat dit moontlik was om in die middae by die argiefbewaarplek navorsing vir ŉ meestersverhandeling te doen omdat Unisa slegs kantoorure in die oggende gehad het.[91] Na my vorige ervaring, was hierdie ŉ aangename verandering. Ek het in Januarie 1971 by Unisa begin. Prof. Muller was daardie jaar met studieverlof en ek het onder prof. M.C. van Zyl gewerk, vir wie ek as ŉ baie aangename, toeganklike en doeltreffende studieleier ervaar het.[92]

Sommige studente het nogtans baie positiewe herinneringe van Van der Merwe se studieleiding. Johan Barnard getuig byvoorbeeld:

> Van der Merwe was ook die studieleier vir my meestersgraad-verhandeling oor Robert Jacobus Gordon se loopbaan aan die Kaap. Hy was ŉ baie goeie studieleier wat met groot belangstelling my werk gevolg en raad gegee het. Hy het deeglik deur die teks gegaan, maar tog ook nie baie ingemeng nie. Hy was billik met die mondelinge eksamen na die voltooiing van die verhandeling.[93]

Ernst Stals, die enigste student wat beide sy verhandeling en proefskrif onder Van der Merwe gedoen het, spreek homself ook positief oor laasgenoemde se studieleiding uit:

> Ek het sedert my tweede jaar ŉ belangstelling in Suidwes-Afrika ontwikkel en omdat prof. Van der Merwe se publikasies en belangstelling met betrekking tot die pionierslewe van die Noord-Kaap op ŉ manier hierby aangesluit het, het ek sy klasse nogal geniet. Ons het trouens altyd ŉ betreklik goeie en aangename verhouding gehad. Toe ek besluit om met ŉ MA-studie aan te gaan en spesifiek oor ŉ Suidwestema, was dit half vanselfsprekend dat dit onder sy leiding sou geskied. Ek was altyd verbaas oor die feit dat hy gewillig was om studieleiding te gee oor ŉ onderwerp waarmee hy nie eintlik op die hoogte was nie. Ons

91. Persoonlike argief: C.F.J. Muller – J.S. Bergh, 29 Julie 1970.
92. Persoonlike herinneringe.
93. Onderhoud met C.J. Barnard, 10 Julie 2007.

> sessies het die normale patroon gevolg: voorlegging van ŉ lys van bronne, dan ŉ lang periode van biblioteek- en argiefwerk, die saamstel van ŉ inhoudsindeling en uiteindelik die voorlegging van elke hoofstuk wat voltooi word. In laasgenoemde fase was dit weer eens ŉ geval van intensiewe kritiek oor bronne, tegniese versorging, volledigheid en tersaaklikheid van inligting, logiese uiteensetting, korrekte taalgebruik. Dit was die dae van handgeskrewe manuskripte; die tesis is eers in sy finale vorm op wasvelle getik en die nodige aantal eksemplare afgerol. ŉ Prettige episode in hierdie proses was toe prof. Van der Merwe op ŉ keer ŉ hoofstuk aan my teruggee met sy kommentaar daarby. Nadat ek dit deurgegaan het, moes ek vir ŉ onderhoud teruggaan en sê aan hom dat ek alles verstaan wat hy oral aangeteken het, behalwe een woord in die kantlyn wat ek nie kon uitmaak nie. Hy het die bladsy geneem, dit ŉ rukkie betrag en toe met ŉ glimlag aan my teruggegee, met die opmerking: "Man daar staan 'Onleesbaar!'" ŉ Gebaar van hom wat ek besonder waardeer het, was dat hy na afhandeling van die studie ŉ boek oor Suidwesgeskiedenis as geskenk aan my gegee het.
>
> Die doktorstudie wat hierop gevolg het, het dieselfde patroon gevolg. Ons verhouding het egter ŉ verandering ondergaan toe ek ná ŉ jaar se voltydse navorsing in Windhoek en Europa as tydelike dosent in die Geskiedenisdepartement aangestel is.[94]

Bun Booyens was ook beïndruk met die deeglike studieleiding wat Van der Merwe gegee het:

> Van 1947 was ek in die onderwys en was skoolhoof in Robertson toe ek met my doktorale studies begin het. Thom was toe reeds rektor en ek het gevolglik vir Van der Merwe as promotor gekies … Ten spyte daarvan dat Van der Merwe nie werklik in kerkgeskiedenis belang gestel het nie, was hy ŉ goeie studieleier. Hy was as studieleier ook veel meer krities as Wiid. Hy het goeie raad aan my gegee. Hy het my van tyd tot tyd gebel om te verneem hoe ek vorder. Dan het ek dit wat ek voltooi het na hom geneem. Wanneer Van der Merwe dit deeglik deurgegaan het, het hy my ontbied sodat ons dit kon bespreek. Hy het ŉ obsessie met die metodiek gehad. Hy het nie gehuiwer om my werk te kritiseer en dit aan te vat nie. By een geleentheid wou hy oor ŉ korterige hoofstuk wat ek voorgelê het, van my verneem in watter standerd my seun was, want dit het vir hom gelyk asof my seun dit geskryf het! Ek was dikwels na sulke besprekings mismoedig, maar het altyd by Van der Merwe geleer. ŉ Mens kon nie eintlik van hom verskil nie. Hy was baie voorskriftelik, maar deeglik … Dit was nogtans so dat, solank as wat hy studieleiding aan jou gegee het, hy jou goed sou "opneuk", maar wanneer jou proefskrif na die eksaminators gegaan het, het hy jou ten volle ondersteun. Hy het dan die proefskrif as die produk van sy studieleiding gesien en dit verdedig. Dan pluk jy die vrugte van die harde werk.[95]

---

94. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike herinneringe aan P.J. van der Merwe", Augustus 2007.
95. Onderhoud B. Booyens, 4 Desember 2007.

ʼn Interessante blik met ʼn tikkie humor word deur Diko van Zyl op die prominente rol wat Van der Merwe vir homself as tweede promotor toegeëien het, gewerp:

> Uiteindelik het die doktorale studente wat verkies het om onder prof. Dirk te werk daarvoor ʼn prys betaal. Prof. Piet het hom eenvoudig tot die tweede promotor van dié betrokke studente verhef deur daarop aan te dring om hulle proefskrifte, wat alreeds deur prof. Dirk goedgekeur is, te lees voor dit vir eksamineringsdoeleindes ingedien word. Die gevolg was dat die betrokke proefskrifte woord vir woord deur prof. Piet met groot presiesheid nagegaan is en foute genadeloos gekritiseer is …

In sy geval het Van der Merwe hom op ʼn keer duidelik laat verstaan dat hy nie daarmee genoeë sou neem om ʼn gebonde kopie van sy proefskrif te ontvang nadat Kotzé daarmee tevrede was nie. Van der Merwe het laat blyk dat hy die proefskrif stap-vir-stap saam met Diko van Zyl wou deurwerk.

> Wat daarop gevolg het, was ʼn nagmerrie. Ek onthou dit soos gister. Dit was die daaropvolgende Saterdagoggend omstreeks 05:30. Ek en my vrou het in ons woonstelletjie nog vas geslaap. Die telefoon het gelui. ʼn Man het gepraat. Ek het sy stem onmiddellik herken al was dit die eerste keer dat hy my huis toe gebel het. Dit was prof. Piet. Waar hy my telefoonnommer gekry het weet nugter want hy het nie daarin belang gestel om sy dosente telefonies agterna te sit nie en ook nie om by sy huis telefoonoproepe van kollegas te ontvang nie. Wat hulle van hom wou weet, moes hulle hom in sy kantoor gaan vra want daar was hy van agtuur in die oggend tot sesuur in die namiddag. Soos gewoonlik het hy nie gegroet nie maar my op my van aangespreek waarvan ek niks gehou het nie. Hy het vir my knorrig geklink toe hy gesê-vra het: "Van Zyl, is dit jy?" Voordat ek kon antwoord, het hy voortgegaan: "Nou kyk, luister man, kom dadelik. Ons moet na die goed kyk wat jy vir my ingegee het. Jy moet na my huis toe kom." (Ek het byna op my rug geval want dit was ʼn buitengewone versoek/bevel omdat hy in jare geen student by sy huis ontvang het nie). Sy volgende instruksies was tipies van oubaas Piet: "Jy parkeer voor die regterkantse garagedeur. Nié voor die linkerkantse deur nie. My vrou se motor staan daar en sy moet elfuur dorp toe." (Ek het gedink: O aarde, hoe gaan ek hierdie oggend oorleef!). Sy volgende instruksies was presies, soos vooraf uitgedink: "Jy klop nie. Jy kom sommer in want die deur sal oopgesluit wees. Jy stap deur na die eetkamer toe en gaan sit op die stoel naaste aan die koppenent van die tafel. Jy neem plaas aan die westekant van die tafel. Jy ken mos die windrigtings, of hoe Van Zyl? Jy wag daar tot ek klaar geskeer het. Verstaan jy nou alles Van Zyl?" Toe ek daarop "Ja, Professor" antwoord, het hy die gesprek afgesluit met "Nou toe" en die telefoon in my oor neergesit … Eventueel het ek as geskiedskrywer oneindig baie gebaat by die kritiese ingesteldheid van prof. Piet wat ʼn uitstekende leerproses was. Dat hy as "tweede promotor" opgetree het,

> het ook vir my die voordeel ingehou dat hy ook daarmee sy interne eksaminatorsrol grootliks voltooi het en die proefskrif nie weer gelees het nie. Trouens, tydens die doktorale mondeling 'n paar maande later, het hy verskeie kritiese vrae van prof. Os [J.J.] Oberholster, die eksterne eksaminator, sommer namens my beantwoord en selfs afgemaak – só asof hy dit as kritiek teen homself beskou het![96]

Pieter Kapp, wat skerp krities teen Van der Merwe se doseerwerk is en hom ook nie as studieleier vir sy nagraadse studie gehad het nie, noem nogtans dat Van der Merwe hom ten opsigte van twee aspekte sterk positief beïnvloed het: enersyds, Van der Merwe se "aandrang dat jy die oorspronklike bronne in hulle geheel moet bestudeer en dat jy 'n versameling in sy geheel moet deurwerk. Hy het 'n broertjie dood gehad aan selektiewe deurwerk". Andersyds, "ten opsigte van formulering. Piet kon uitstekend formuleer. Dirk was geneig om kort stomp sinne te gebruik waarin hy 'n mens se styl amper na die pedantiese gedwing het."[97]

My persoonlike ervaring met Kotzé as my promotor met my proefskrif, na my terugkeer na Stellenbosch, was baie positief. Hy het deurgaans professioneel opgetree. Hoewel hy jou met die keuse van 'n onderwerp en met die wyse waarop jy jou navorsing aangepak het, 'n groot mate van vryheid gegun het, het hy sterk studieleiding verskaf met byvoorbeeld sintesevorming, die uitwys van onderliggende kragte en strominge, en die afronding. Kotzé het dikwels sterk standpunt oor spesifieke aspekte en tendense ingeneem, maar was deurgaans toeganklik met gedagtewisseling daaroor. Met sy kenmerkende werkywer het hy dikwels hoofstukke wat ingelewer is, in 'n baie kort tyd deurgewerk en van kommentaar voorsien.[98]

Con de Wet lê in sy herinneringe van Kotzé as studieleier sterk klem op sy toeganklikheid en betrokkenheid:

> Hy was vir sowel my M.A.- as D.Phil-studie die medepromotor. Nadat die promotor, prof. P.J. van der Merwe, in 1977 afgetree het, het Kotzé hom vervang as promotor vir my doktorale studie. Sowel as promotor en medepromotor het ek hom leer ken as 'n deernisvolle mens wat empatie met sy studente gehad het. Nadat die afhandeling van my doktorale proefskrif vir 'n hele aantal jare vasgeval het, het Kotzé nadat hy as promotor oorgeneem het my weer geïnspireer en het ek dit binne die volgende jaar afgehandel. My ondervinding was dat in teenstelling met

96. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, pp 13, 14, 15, 16.
97. Persoonlike argief: P. Kapp – J. Bergh, 21 Julie 2007.
98. Persoonlike herinneringe.

> Van der Merwe se afstandelike betrokkenheid by sy nagraadse studente, Kotzé ŉ baie meer direkte betrokkenheid gehandhaaf het.[99]

Die aard van Kotzé se studieleiding word waarskynlik die beste deur Diko van Zyl saamgevat:

> Prof. Dirk was ŉ uitstekende studieleier en promotor. Hoewel hy nie so ŉ obsessie oor volledige navorsing van sy M.- en D.-studente soos prof. Piet verlang het nie het hy dit as vanselfsprekend aanvaar dat sy studente vir hulle tesisse en proefskrifte deeglike navorsing moes doen. Anders as prof. Piet het hy baie tyd en aandag aan studieleiding bestee om met presisie toe te sien dat sy studente se taal, styl, formulering en logiese ordening van feitemateriaal aan die nodige vereistes voldoen. In die proses het hy tientalle ure bestee om korreksies aan te bring en sinne en paragrawe te herformuleer. Omdat prof. Dirk ŉ staccato-agtige en bondige skryfstyl gehad het, het hy noodwendig hierdie styl op sy studente afgedwing en nie gehuiwer om sekere gedeeltes van die teks volgens sy norme oor te skryf nie. Vir hom was die veranderinge wat hy aangebring het egter meer as net ŉ dissiplinêre aangeleentheid: dit was ook bedoel as ŉ opleiding in presisie betreffende die korrekte en bondige formulering van historiese data. In dié verband was hy ŉ groot leermeester waartoe sy opleiding in die Filosofie waarskynlik ŉ groot bydrae gelewer het.
>
> ŉ Ander aspek van prof. Dirk se promotorskap waarvoor ek baie waardering ontwikkel het, is die feit dat hy nie sy doktorale studente wat die onderwerpe van hulle doktorale proefskrifte betref soos prof. Piet beperk het tot navorsing wat slegs in staatsargiewe onderneem moes word nie, d.w.s. tot ongeveer die einde van die neëntiende eeu, maar dat hy dit uitgebrei het om ook onderwerpe uit die twintigste eeu in te sluit op voorwaarde dat privaatargiewe oor die onderwerp beskikbaar is. Wat laasgenoemde betref, het hy gevolglik die normale vereiste wat deur professionele historici gestel is, naamlik dat navorsing op primêre navorsing moes berus, gehoorsaam en daardeur voorkom dat proefskrifte op oppervlakkige navorsing gebaseer word en dat veronderstelde histories-wetenskaplike studies in ŉ joernalistieke potpourri ontaard.
>
> Sy ruimer ingesteldheid ten opsigte van navorsingstematiek het beslis op my ŉ invloed gehad in dié sin dat ek ook doktorale studente wat daarin belang gestel het, toegelaat het om studies oor twintigste-eeuse problematiek te onderneem mits dit natuurlik gebaseer was op deeglike navorsing aan die hand van betrokke privaatargiewe. Sommige van hierdie doktorale studente het van die beste proefskrifte tot hede in die Departement gelewer.[100]

---

99. Herinneringe opgestel op my versoek: C. de Wet, "Prof. D.J. Kotzé", 3 November 2007.
100. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Dirk Kotzé: Statuur as Akademikus, 23 Oktober 2007."

F.A. van Jaarsveld het in 1982 die tematiek van die verhandelinge en proefskrifte wat Kotzé afgelewer het, soos volg saamgevat:

> [Dit] het gewissel van onderwys; graanbou; spoorweë; sendinggeskiedenis; wynbou- en wynhandel; bosbou; arbeidsvraagstuk; kleinhoewestelsel, tot verpleging, wat sosiaal-ekonomiese temas weerspieël en enkele administratiewe en Blank-anderskleurige-verhoudinge, waardeur 'n ou tradisie voortgesit is. Op die doktorale vlak … enkeles van biografiese aard, administratiewe temas en bevolkingstemas van anderskleuriges, terwyl verdere navorsing nog aan die gang is."[101]

In teenstelling met die oorwegend gunstige kommentaar van oudstudente oor Kotzé as studieleier en promotor, is Henning van Aswegen se herinneringe negatief:

> My persoonlike ervaring was dat ek deur 'n dosent, nie van my eie keuse nie, ingeroep en 'n tema vir my aanbeveel is om 'n MA-verhandeling oor te skryf. Op die stadium was ek nog baie onseker oor 'n moontlike navorsingsterrein en het die fout gemaak om 'n tema te kies, waarvoor ek nie juis sinnigheid en veral nie die nodige onderbou gehad het nie. Goeie leerskool!!! Na die MA is dieselfde prosedure t.o.v. die keuse van 'n tema vir 'n doktorale proefskrif gevolg. Die keer was ek wyser. Die eindresultaat wat dat ek glad nie my doktorale studie aan die Stellenbosse Universiteit gedoen het nie.[102]

**IV**

Die onderlinge verhoudinge en akademiese dinamiek in die departement het ek eers beter leer ken en verstaan nadat ek in 1970 as assistent en vanaf 1972 as dosent op Stellenbosch aangestel is. Hoewel ek in die jaar van my assistentskap ("tydelike deeltydse junior lektor") nou saam met die twee professore gewerk het, het dit my slegs die geleentheid gebied om hulle in daardie stadium in 'n beperkte mate te leer ken. Hierdie pos het nie doseerverpligtinge ingesluit nie en die bekleër is meestal as navorser en vir ander take deur die twee professore aangewend. Die pos is in twee halwe poste verdeel – een halwe pos vir elkeen van die professore. Vir Van der Merwe sou ek die hele jaar 'n halwe pos beklee en vir Kotzé net vir ses maande. Kotzé het toe reeds iemand anders gehad wat vir die ander ses maande aangestel is.

Vir Van der Merwe het ek die hele jaar mikrofilms, wat hy in Brittanje van tersaaklike korrespondensie van die Londense Sendinggenootskap laat maak het, getranskribeer. Ek moes die heeltyd in

101. Van Jaarsveld, "Geskiedenis van die Departement Geskiedenis", p 282.
102. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 15.

ʼn donker kamer werk. Van der Merwe was ʼn streng werkgewer wat soveel as moontlik uit sy werknemers wou probeer haal. Dit het tot komiese voorvalle aanleiding gegee wanneer hy Woensdae gaan golf speel het, maar my onder die indruk wou laat dat hy steeds in die omgewing van die kantoor sou wees. Hy sou tipies met sy golfskoene by die kantoor opdaag en my dan meedeel: "Bergh, ek gaan gou biblioteek toe en is nou terug." Vir Kotzé het ek ʼn verskeidenheid van take in die tydperk wat ek vir hom gewerk het, uitgevoer – onder meer hulp met die opstel van registers vir sy boeke, naslaanwerk in *Keesings Contemporary Archives* en ander bronne en kontrolering van die bronne van studentewerkstukke, onder meer om seker te maak dat plagiaat nie gepleeg is nie.

My kantoor was langs dié van Van der Merwe en ek het in dié jaar meer bewus geword van sy humeurigheid. Geraas en ongewone geluide het hom byvoorbeeld vinnig geïrriteer. By een geleentheid het Piet Calitz, wat toe dosent in die departement was, laat in die middag na afloop van groepsklasse met studente al fluitend in die gang naby Van der Merwe se kantoor gestap. Van der Merwe se onmiddellike reaksie was om voor studente bulderend te verneem watter "bleddie kanarie" daar in die gang was.

In teenstelling hiermee het Van der Merwe my by enkele geleenthede verras met mededelings wat hy amper in vertroue teenoor my gemaak het. Hy het my byvoorbeeld vertel dat hy in een stadium vir die professoraatpos by die Universiteit van die Vrystaat aansoek gedoen het,[103] maar dit nie gekry het nie. C.J. Uys is toe aangestel en volgens Van der Merwe was "politiek" die rede daarvoor. By ʼn ander geleentheid het hy my meegedeel dat C.F.J. Muller nou wel as die groot historikus van die Groot Trek beskou word, maar dat hy (Van der Merwe) nog die werklike gesaghebbende werk daaroor sou skryf.

Na my permanente aanstelling in die departement teen die begin van 1972 het ek groter insig en begrip vir die verhoudinge en strukture in die departement ontwikkel. Die komplekse verhouding tussen Van der Merwe en Kotzé het trouens reeds met my aanstelling na vore gekom.[104] By Unisa is ek, by gebrek aan beskikbare permanente poste, teen Julie 1971 weer ʼn tydelike aanstelling vir 1972 met ʼn kerfverhoging

103. Hierdie aansoek word bevestig deur dokumentasie in die P.J. van der Merwe-versameling in die Staatsargief, Kaapstad (Kapp, *Verantwoorde Verlede,* p 76, voetnoot 4).
104. Persoonlike herinneringe.

aangebied. Ek het dit aanvaar,[105] maar het ook moontlikhede by ander universiteite ondersoek omdat ek graag so gou as moontlik ŉ permanente aanstelling wou kry. My verrassing was dus groot toe ek vroeg in Augustus uit die bloute ŉ oproep van Van der Merwe, wat toe departementele voorsitter op Stellenbosch was, gekry het. Hy het oudergewoonte met die deur in die huis geval. Hy het my meegedeel dat daar ŉ vakature op Stellenbosch was en dat hy en Kotzé besluit het om my te nader om te verneem of ek daarin belang sou stel. Nadat ek bevestigend geantwoord het, het hy versoek dat ek dit in ŉ brief aan hom moes bevestig sodat hy die aanstellingsproses kon begin. Hy het dit ook benadruk dat indien ek die aanstelling sou aanvaar, ek nie later weer anders moes besluit nie! Ek het later verneem dat hulle met ŉ vorige aanstelling so ŉ ervaring gehad het. Ek het die brief waarin ek versoek dat ek graag vir die vakature in aanmerking wil kom, dadelik afgestuur.[106] In September 1971 het Van der Merwe my kortweg laat weet: "Die aanbeveling in verband met jou aanstelling is sonder enige moeite deur die Aanstellingskomitee en die Senaat. Ek skrywe vertrouelik, met die oog op die feit dat jy vermoedelik binnekort sal moet kennis gee. Sodra die Raad oor die saak besluit het, sal ek jou laat weet."[107]

Op my versoek, het Van der Merwe toestemming verleen dat ek, met die oog op navorsing in die Argiefbewaarplek in Pretoria, eers teen die begin van Februarie 1971 by die departement kon inval. Hy was duidelik simpatiek hierteenoor – moontlik gedagtig aan sy eie uitgebreide argivale navorsing. Hy het selfs in sy eie handskrif op die getikte brief aan my ingeskryf: "Maandag 7 Februarie – nie later nie."[108]

Teenoor Van der Merwe se formele aanslag in sy briewe aan my, selfs oor geringe reëlings, was Kotzé se briewe in hierdie tyd aan my meer informeel, spontaan en vriendelik. Terwyl Van der Merwe byvoorbeeld deurgaans sy briewe aan my aan "geagte mnr. Bergh" gerig het, het Kotzé sy briewe aan my in hierdie tyd met "beste Johan" begin. Omdat dit ŉ doseerpos in die Algemene Geskiedenis was, was dit vir my ook duidelik dat Kotzé eintlik die dryfkrag agter my aanstelling was. Hy het my in ŉ informele brief verwelkom en aangebied om een van die buitekamers by sy huis aan my te verhuur indien ek belang sou stel.[109]

105. Persoonlike argief: Adjunk-Registrateur (Unisa) – J.S. Bergh, 8 Julie 1971 en 31 Julie 1971.
106. Persoonlike argief: J.S. Bergh – Departementele Voorsitter, Geskiedenis (US), 10 Augustus 1971.
107. Persoonlike argief: P.J. van der Merwe – J.S. Bergh, 22 September 1971.
108. Persoonlike argief: P.J. van der Merwe – J.S. Bergh, 7 Desember 1971.
109. Persoonlike argief: D.J. Kotzé – J.S. Bergh, 23 Augustus 1971.

Dit was ŉ uitkoms vir my en as gevolg van my verblyf daar vir ŉ jaar het ŉ vriendskapsband tussen my en die Kotzé-gesin ontstaan.

As jong beginnerdosent was ek gretig om ŉ sukses van my loopbaan te maak en ek het daarop gefokus. Ek het eers later daarvan bewus geraak dat ongelukkigheid en spanning in die departement bestaan het vanweë sy strak en onbeweeglike struktuur. Net die twee professore was byvoorbeeld by derdejaars- en honneursonderrig betrokke en het as studieleiers vir meesters- en doktorale studente opgetree. Verder is ŉ streng skeiding in die departement tussen Suid-Afrikaanse en Algemene Geskiedenis gehandhaaf. Toe kollegas dit by geleentheid durf waag het om voorstelle te maak wat hierdie reëling nie in alle opsigte in aanmerking geneem het nie, is hulle deur Van der Merwe ru daaraan herinner dat die "skape en bokke" nie deurmekaar gejaag kon word nie, asook aan die spreekwoordelike skeiding "oos en wes van die Jordaanrivier". Op hierdie wyse is opwindende moontlikhede om byvoorbeeld op vergelykende wyse verskynsels in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis met soortgelyke tendense elders te vergelyk, in die kiem gesmoor. Hierdie reëling ten opsigte van die doseerwerk in die departement is klaarblyklik hoofsaaklik op aandrang van Van der Merwe gehandhaaf, want Kotzé het intussen in sy navorsing, met die ontleding van verskynsels soos nasionalisme, sosialisme, imperialisme en republikanisme vergelykenderwys afwisselend na Suid-Afrikaanse en internasionale voorbeelde verwys. Daar was in elk geval min geleentheid in die departement vir akademiese gesprek en debat tussen kollegas. Weinig of geen departementele seminare is gehou nie. Dieselfde het ook vir departementele vergaderings gegeld. Besluite is hoofsaaklik deur die twee professore, in oorleg met mekaar, geneem. In *ad hoc*-gevalle is die mening van spesifieke lede van die departement wel ingewin.

Hierdie toedrag van sake was in skerp kontras met wat ek in 1971 by Unisa ervaar het. Die jaar by Unisa was trouens ŉ belangrike vormingsjaar vir my. Daar was ŉ lewendige verwisseling van gedagtes en standpunte in die gange en in die teekamer tussen kollegas met verskillende uitgangspunte. Daardeur het ek gou van belangrike strominge en tendense in ons dissipline bewus geraak. Ek het ook in 1971 die konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging by die Universiteit van die Witwatersrand bygewoon wat my verder aan akademiese debatte blootgestel het en waar ek prominente Suid-Afrikaanse historici ontmoet het. Gereelde seminare is verder in die departement aangebied, wat vir my belangrike geleenthede vir ontwikkeling was. By een van hierdie geleenthede het H.B. Thom, oud-rektor van Stellenbosch, opgetree toe hy op besoek aan Pretoria was.

Op grond van my vorige ervaring met Van der Merwe en Kotzé, was dit my oortuiging dat eersgenoemde hoofsaaklik vir die afdwing van hierdie onbuigsame posisie verantwoordelik was. Kotzé was vyftien jaar jonger as Van der Merwe en laasgenoemde se robuuste en oorheersende geaardheid het dit amper onmoontlik vir Kotzé gemaak om groter deelnemende bestuur in die departement ingestel te kry. Die opponering van Van der Merwe sou ongetwyfeld kontraproduktief wees en tot verdeeldheid in die departement aanleiding gegee het. Boonop het Kotzé se effens introverte geaardheid dit vir hom moeilik gemaak om Van der Merwe voor ander dosente teen te gaan. Hy het waarskynlik meer bereik deur belangrike sake in vertroue met Van der Merwe te bespreek. Die feit dat hy na Van der Merwe se aftrede geredelik tot veranderinge ingestem het, het sy werklike standpunt bevestig.

Van der Merwe het teen die einde van 1977 afgetree en daarmee het die era van ŉ ouer geslag dosente in die departement tot ŉ einde gekom. Op sy afskeidsgeselligheid het ŉ ongemaklike situasie ontstaan toe hy klaarblyklik meer in goedbedoelde opmerkings in Kotzé se toespraak gelees het, as wat bedoel was. Kotzé het naamlik daarvan melding gemaak dat die trektema sentraal in Van der Merwe se werk gestaan het. Van der Merwe het in sy afskeidswoorde laat blyk dat hy hierdie verwysings geïnterpreteer het as "Vat jou goed en trek Ferreira!"

Na Van der Merwe se aftrede, en met die aanstelling van Diko van Zyl in sy plek, is baie van die onbuigsame aspekte in die departement laat vaar. Senior lektore in die departement is nou ook by studieleiding aan nagraadse studente en onderrig aan honneursstudente betrek. Die twee professore het selfs ook in ŉ beperkte mate by die onderrig van eerstejaarstudente betrokke geraak. Departementele vergaderings is op ŉ gereelde basis gehou en akademiese gesprek is meer gestimuleer.[110]

Omdat die verhouding tussen Van der Merwe en Kotzé so ŉ belangrike plek in die werksaamhede van die departement ingeneem het, het verskeie van hulle oudstudente en oudkollegas hulle daaroor uitgelaat. Ernst Stals roep dit soos volg in herinnering:

> Dit is onvermydelik dat ŉ mens die twee professore, Van der Merwe en Kotzé, met mekaar sal vergelyk. Hulle het totaal uiteenlopende persoonlikhede gehad: die een oorheersend en die ander beleefd en selfs teruggetrokke. Van der Merwe was die departementshoof, behalwe wanneer hy met verlof was. Kotzé kon dus nie sy eie stempel op die departement afdruk nie en moes hom grootliks na sy ouer kollega se

110. Persoonlike herinneringe.

wyse van doen, skik. ʼn Junior departementslid se indruk was dus onvermydelik dat prof. Kotzé nie so ʼn sterk leier was nie. Ek glo dat dit vir hom groot frustrasie veroorsaak het. Hy het gevolglik meer bevrediging geput uit skakeling met instansies buite die departement, soos kultuurliggame (Rapportryers, deur Van der Merwe "Gallopryers" genoem!) en geleidelik ook aktiewe deelname aan fakulteits- en senaatsvergaderings. Waar dit ondenkbaar was dat kollegas deur Van der Merwe na sy huis oorgenooi sou word, het Kotzé en sy jong vrou Cecile dit wel gedoen – waarvoor ons altyd groot waardering gehad het.

Ek kan een staaltjie vertel, wat die twee professore se verhouding illustreer. Op ʼn keer kom prof. Kotzé by sy kantoor in die linkervleuel van die ou Victoria-Hospitaal, toe sy sleutel in die deur se slot afbreek. Dit het so iets van krisis veroorsaak, want daar was ʼn lesing wat gegee moes word en alles was in die kantoor toegesluit. Kotzé het links en regs na hulp gesoek, maar die bode Niklaas kon niks uitrig nie. Soos die geluk dit wou hê, was Deon du Plooy op daardie stadium die departement se sekretaris en hy was gou by met ʼn stuk plastiek om die Yale-slot oop te druk, soos wat meermale met kamerdeure in die koshuis gedoen moes word. Hoogs verlig is Kotzé in sy kantoor in, maar met die opgewonde samedromming van ons almal in die gang, het prof. Van der Merwe uit sy kantoor in die regtervleuel van die gebou gekom en hy vra waaroor dit alles gaan. Kotzé verduidelik die hele dilemma en praat nog met groot waardering van Deon se reddingsdaad, toe Van der Merwe ons hele klomp na sy kantoor ontbied en die arme Deon daar die leviete voorlees, met die woorde: "Kyk, Du Plooy, as enigiets uit ʼn kantoor in hierdie gebou wegraak, sal ek jou daarvoor verantwoordelik hou!"[111]

Ernst Stals het ook nog die volgende insident in herinnering geroep wat iets verder van Van der Merwe se geaardheid illustreer:

Prof. Van der Merwe was onder andere iemand wat ʼn paar pond op die aandelemark gewaag het en daarvoor het hy baie waarde aan die raad van ʼn ou vriend, mnr. Albertus Delport van Port Elizabeth, geheg. Delport se dogter, die kranige tennisspeelster Greta, het Geskiedenis tot in die tweede jaar op Stellenbosch geneem, maar moes besluit of sy haar daarna vir eers voltyds aan tennis sou toewy, of met haar studies saam met tennis moes voortgaan. Terwyl dr. Bun Booyens toevallig by prof. Van der Merwe in die kantoor sit, skakel die sekretaresse ʼn oproep van Greta se pa (vir wie Bun ook goed geken het) na hom toe deur, om sy advies oor Greta se dilemma te vra. Greta was immers ʼn student in Bun se klas. Ten aanhore van prof. Van der Merwe wil Bun aan Delport laat blyk dat die eise in die derdejaarskursus maar hoog was en dit nie so maklik sou wees om ʼn ernstige tennisprogram daarmee saam te behartig nie. Toe Bun hom kom kry, het Van der Merwe opgevlieg, die telefoon uit sy hande geneem en self met sy aandele-adviseur gepraat: "Albertus!

111. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Prof. D.J. Kotzé", Augustus 2007.

Bun lieg, man. Die derdejaar is glad nie so moeilik nie!" Daarmee was Bun se wind skoon uit sy seile gehaal.[112]

Van der Merwe het blykbaar nie gehuiwer om die dominerende rol wat hy ten opsigte van dosente in die departement gespeel het ook na kollegas elders in die universiteit uit te brei nie. Pieter Kapp het in sy navorsing op ŉ interessante staaltjie hieroor afgekom:

> In die Erlank-argief is daar die kostelike storie wat Erlank [prof. J. du P. Erlank/Eitemal] self vertel. Pas na die verskyning van D.J. Opperman se *Vergelegen* moes hy wat Erlank is ŉ bespreking van die boek skryf. Hy bel toe vir Piet en vra hom na die betroubaarheid van Opperman se historiese gegewens. "Magtig Erlank jy sal my drie jaar moet gee om die dokumente te bestudeer om die vraag te kan beantwoord." Kort daarna is Erlank se *Jaffie* deur die Akademie bekroon en loop Piet hom by ŉ fakulteitsvergadering raak: "Kyk Erlank ek is bly jy het W.A. van der Stel gelos en jou liewer besig gehou met die amoreuse aktiwiteite van ŉ bronstige donkiehings."[113]

Bun Booyens se mening oor Van der Merwe en Kotzé is:

> Daar was nie veel van ŉ verhouding tussen P.J. van der Merwe en D.J. Kotzé nie. Hulle het nie veel gehad om vir mekaar te sê nie. Hulle het seker met mekaar oor departementele sake geraadpleeg, maar ek was nie eintlik daarvan bewus nie. D.J. Kotzé het homself op die moderne wêreldgeskiedenis en die werking van ideologieë toegespits. P.J. van der Merwe het, daarteenoor, eietydse geskiedenis as joernalistiek beskou en het ook nie veel respek vir sekondêre bronne gehad nie.[114]

Oor die verhouding tussen Van der Merwe en Kotzé, verskaf Diko van Zyl, wat lank met albei saamgewerk het, inligting wat in ŉ groot mate die voorgenoemde herinneringe bevestig, maar dit ook aanvul:

> Gedurende die twaalf jaar, d.w.s. van die begin van 1966 tot die einde van 1977, waartydens ek ŉ gewone dosent in die Departement was, het ek natuurlik die binnewerkinge van die Departement intiem leer ken en beleef. Tydens hierdie tydperk het die Departement onder die leierskap van prof. Piet sowel as prof. Dirk gestaan wat jaarliks as voorsitters van die Departement geroteer het. Hoewel prof. Dirk in alternatiewe jare voorsitter was, was hy net vir die normale administrasie verantwoordelik. In die praktyk het prof. Piet die laaste seggenskap ten opsigte van alle belangrike sake gehad wat die Departement aangegaan het. Prof. Piet het hom egter nie ingemeng met prof. Dirk se afdeling wat as "Algemene Geskiedenis" bekend gestaan het [nie] …

---

112. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike herinneringe aan prof. P.J. van der Merwe", Augustus 2007. Hierdie insident word in breë trekke deur Bun Booyens bevestig – Onderhoud met B. Booyens, 4 Desember 2007.
113. Persoonlike argief: P. Kapp – J.S. Bergh, 21 Julie 2007.
114. Onderhoud met B. Booyens, 4 Desember 2007.

> Ek het reeds daarna verwys dat hy hom as prof. Dirk se senior beskou het en dat hy hom die laaste seggenskap voorbehou het. Tog het hy dikwels moeilike take aan prof. Kotzé oorgelaat wat 'n beter administrateur as hy was. Trouens, prof. Piet het 'n paniekerigheid openbaar wanneer daar 'n ernstige probleem opgeduik het waarvoor hy nie 'n onmiddellike antwoord gehad het nie. In dié opsig het prof. Dirk 'n kalmerende invloed op prof. Piet gehad en in der waarheid as prof. Piet se adviseur rakende administratiewe sake opgetree. Dit het gevolglik gebeur dat dosente as hulle 'n probleem wou bespreek eers na prof. Dirk gegaan het om 'n oplossing daarvoor te kry wat prof. Dirk later met prof. Piet uitgeklaar het …
>
> Wat sy bestuurstyl betref, is prof. Dirk ongetwyfeld beïnvloed deur die outokratiese bestuurstyl van sy voorgangers en die dominerende invloed van prof. Piet. Dit het beteken dat die junior dosente geen inspraak in die bestuur van die Departement gehad het nie …
>
> … Dit strek prof. Dirk tot eer dat hy en sy vrou, Cecile, jaarliks aan huis moeite gedoen het om die doserende en administratiewe personeel, selfs by geleentheid nagraadse studente, gasvry te onthaal. Dit het veel gedoen om onderlinge betrekkinge te bevorder …
>
> Dit is belangrik om te weet dat prof. Piet na buite net so "onmoontlik" was soos binne die Departement. Hy het baie mense, byvoorbeeld boekhandelaars, kwaad gemaak as hulle nie na behore na sy belange omgesien het nie. Hy het ook nie veel respek getoon teenoor jonger professore aan die universiteit as hy reken hulle gefouteer het nie. Die enigste persoon van wie ek weet hy 'n heilige respek voor gehad het, was prof. H.B. Thom wat nie net sy oud-leermeester en -voorsitter van die Departement was nie, maar ook in sy tyd die Rektor.[115]

Ander oudstudente en oudkollegas onthou die verhouding tussen die professore soos volg:

> Kotzé het ongelukkig vir 'n groot gedeelte van sy akademiese loopbaan, en veral na sy bevordering tot professor, in die skaduwee van P.J. van der Merwe beweeg. Nogtans het hy sy stempel op die vakgebied afgedruk en 'n eie unieke bydrae gelewer.[116]
>
> Prof. Piet was as departementshoof nie 'n goeie kommunikeerder nie en 'n mens moes hom maar op kantoor opsoek om duidelikheid oor dinge te kry. Die groot gebrek was dat hy nie departementele vergaderings gehou het nie en slegs van tyd tot tyd die dosente ingeroep het as daar iets belangrik was. Kotzé se werkwyse was heelwat beter, maar gekniehalter

---

115. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, pp 20, 25; Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof Dirk Kotzé: Statuur as Akademikus", Oktober 2007, pp 5-6.
116. Herinneringe opgestel op my versoek: C. de Wet, "Prof. D.J. Kotzé", 3 November 2007.

> deur sy respek vir Van der Merwe, kon hy ook nie veel van die outokratiese styl afwyk nie.[117]
>
> Die oordonderende persoonlikheid van P.J. moes menige maal vir Dirk ŉ bron van frustrasie gewees het, terwyl P.J. waarskynlik eg menslik jaloers was op die feit dat die doktorale en M.A.-studente meestal na Dirk gaan.[118]

Van der Merwe was baie daarop gesteld dat reëls en regulasies streng toegepas word en het nie plooibaarheid in uitsonderlike gevalle aan die dag gelê nie. Dit het Diko van Zyl by geleentheid van sy huwelik ervaar:

> So het hy, ten spyte daarvan dat hy vir my en my vrou ŉ besondere huweliksgeskenk gegee het, geweier om aan my die dag voor ons troue verlof toe te staan. Ek moes gevolglik die Vrydagmiddag vertrek om die meer as vierhonderd kilometer af te lê na die dorpie waar ons sou trou en het eers na middernag daar aangekom. Die hele situasie was egter baie ironies: op die Vrydag wat ek verlof wou neem, het ek geen lesings gehad nie omdat dit my "navorsingsdag" was. Dit was buitendien die laaste dag van die kwartaal voor die Junie-vakansie sou aanbreek. Ek het gehoop dat prof. Piet daarom meer toegewingsgesind sou wees en natuurlik omdat dit vir my persoonlik baie werd sou wees om gemaklik betyds op die troudorp aan te kom. My persoonlike gerief het hom egter min geskeel want die reëls het eerste gekom. "Dis teen die reëls dat ons dosente vir elke bakatel verlof kan toestaan", het hy gesê. En daarmee was dit basta.[119]

Die outokratiese styl van bestuur in die departement was ongetwyfeld die grootste enkele faktor wat nuwe inisiatiewe, lewendige akademiese interaksie en kontak na buite, wat in baie opsigte as die suurstof van ŉ dinamiese departement beskou kan word, gedemp het. Hierin het Van der Merwe, met sy dominerende geaardheid en oudmodiese benadering tot doseerwerk en interpersoonlike verhoudinge, ŉ sleutelrol gespeel. Kotzé het weliswaar in baie opsigte die aspekte in die departement waaroor hy beheer gehad het, grondig vernuwe, maar vir die departement as geheel, moes hy dikwels homself as Van der Merwe se junior, by laasgenoemde se sterk aandrang op die verouderde benadering uit ŉ vorige tydvak neerlê. Daar is wel aanduidings dat hy in vertroulike gesprekke met Van der Merwe klein toegewings beding het.[120] Hieroor vra Pieter Kapp die retoriese vraag:

---

117. Herinneringe opgestel op my versoek: J.C. Visagie, "Herinneringe oor P.J. van der Merwe en D.J. Kotzé", Julie 2007.
118. Piet Kapp *in* Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 20.
119. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, p 18.
120. Persoonlike herinneringe.

> Ek … het nie kon begryp waarom Dirk Kotzé hom nie sterker kon laat geld nie. Hy het immers as jong dosent van die jare vyftig en sestig 'n soveel beter begrip van die vak en sy betekenis gehad as P.J..[121]

Hy beantwoord sy vraag dan self deur na die "oordonderende persoonlikheid" van Van der Merwe te verwys.[122]

Ernst Stals verwys in sy herinneringe na die nadelige gevolge wat vir die departement uit hierdie toedrag van sake voortgevloei het:

> Binne hierdie kultuur van voorskriftelikheid was daar uit die aard van die saak min sprake van stimulerende wisselwerking tussen lede van die departement, wat nog te sê met ander departemente. Dit het ook verder uitgekring, want skakeling met Geskiedenisdepartemente aan ander universiteite het kwalik bestaan en dit wat wel plaasgevind het, het van die individuele dosent afgehang. Prof. Van der Merwe was nie 'n toeganklike mens en kollega nie. Ek het dit beleef dat nadat ek voorstelle vir die wysiging van die kurrikulum om 'n plek vir Afrikageskiedenis in te ruim met prof. Kotzé uitgeklaar het, die gedagte summier deur Van der Merwe van die tafel gevee is. Net die manier waarop dit gedoen is, het die gevoel gelaat dat dit nie tipe dinge was waarmee juniors hulle besig moes hou nie."[123]

Bun Booyens raak ook hierdie aspek in sy herinneringe aan:

> In my tyd as dosent in die Departement is nooit departementele vergaderings gehou om beleid, ens. in die Departement te bespreek nie. Daar was ook geen departementele seminare gewees nie. Net wanneer vraestelle opgestel is, is dit aan die professore voorgelê. Van der Merwe was gewoonlik baie krities en het dikwels veranderinge voorgestel. Die puntetoekenning is ook met die professore bespreek.[124]

Pieter Kapp brei hierop uit en stel dit selfs nog sterker:

> Sommige nagraadse studente en junior personeel het die atmosfeer van die vak wat Van der Merwe geskep het, benouend gevind en wou wegkom. Die feit dat hy geweier het dat enige twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis gedoseer word, dat hy nie die verskillende vertolkings van die verlede wou behandel nie en dat hy weinig aandag aan die nuutste kenteoretiese en filosofiese probleme van die bestaan en moontlikhede tot kennis van die verlede aandag wou gee, het die vak, so ver dit die onderrig van Suid-Afrikaanse geskiedenis aanbetref, laat verstar. Die feit dat hy die departement met 'n ysterhand regeer het en

121. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 20.
122. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 20.
123. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike herinneringe aan prof. P.J. van der Merwe", Augustus 2007.
124. Onderhoud met B. Booyens, 4 Desember 2007.

> weinig ruimte vir eie inisiatief toegelaat het, het frustrasie by die jonger kollegas veroorsaak.[125]

Henning van Aswegen het die negatiewe gevolge van die strak en outokratiese styl van die departement blykbaar nog meer intens negatief ervaar. Hy wys onder meer daarop dat daar van belowende moontlikhede vir die departement aan Stellenbosch om met sy eweknie by die Universiteit van Kaapstad en selfs dié by ander Afrikaanstalige universiteite te skakel, as gevolg van hierdie benadering niks gekom het nie. In die departement was sy ervaring dat daar "strakke rangordes" bestaan het en dat daar "'n opvallende gebrek aan warmte, samewerking en selfs leiding aan junior personeel" was. Dosente was, volgens hom, ontoeganklik en "dikwels 'afgesonder' in hulle werk en kantore, koud en onpersoonlik". Verder het hy die gebrek aan 'n leeskultuur as nog 'n groot leemte ervaar: "Voorgeskrewe boeke is … onbenut gelaat; ons aandag is feitlik nooit op wyer aanvullende leeswerk uit boeke en vaktydskrifte gevestig nie."[126]

Ten spyte van die skynbare harde en ongenaakbare beeld van veral Van der Merwe wat uit die voorafgaande na vore kom, getuig oudstudente dat hulle ook van 'n ander sy van hom bewus geraak het. Ek het self byvoorbeeld opgemerk hoe belangrik dit vir hom was om regverdig te oordeel oor eksamenskrifte van studente. Toe ek vanaf 1972 dosent op Stellenbosch was, het Van der Merwe my en van my kollegas dikwels in eksamentyd met besoeke aan ons kantore verras – iets wat hy nooit gedurende die res van die jaar gedoen het nie. Sy verduideliking was dan dat hy gereeld van die nasienwerk wegbreek om vars en helder te wees as hy punte toeken omdat ouers en studente groot finansiële opofferings maak. Omdat sy oë in hierdie tyd baie verswak het, was dit vir hom 'n groot uitdaging.[127] Diko van Zyl onthou weer dat Van der Merwe waardering gehad het vir dosente wat goeie doseerwerk gelewer het en dat hy nie daarmee ingemeng het solank as wat hy geen klagtes ontvang het nie. Hy het ook agting gehad vir dosente wat gereeld argivale navorsing gedoen het en het dit vir hulle moontlik gemaak om een of twee dae per week daarvoor na die Kaapse Argiefbewaarplek te gaan. Hy het egter "'n absolute renons in pretensie en hoogdrawendheid gehad".[128] Diko van Zyl onthou verder 'n sagte aspek van Van der Merwe se karakter:

125. Kapp, *Verantwoorde Verlede,* p 89.
126. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 15.
127. Persoonlike herinnering.
128. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, pp 20-21.

> Ook wat my persoonlike lewe betref, het hy groot belangstelling getoon in die huis wat ek gebou het, maar op besoek aan die huis het hy, soos ek te wagte was, kritiek uitgespreek op sekere spasies wat ek sou vermors het! Ek herinner my aan sy werklike vreugde toe ek hom vertel het dat my vrou verwagtend was nadat ons jare lank gesukkel het om ŉ kind in die lewe te bring en hoe hy my dogtertjie by sy huis met lekkergoed en presentjies bederf het toe ons na sy aftrede en hy feitlik blind was, verskeie besoeke aan hom en sy vrou gebring het. Ek dink ook aan die menslikheid wat hy teenoor Niklaas Plaatjies, wat hy normaalweg in die Departement hard behandel het, getoon het deur aan hom ŉ ruim finansiële donasie te maak wat dit vir hom moontlik gemaak het om vir hom en sy reuse gesin ŉ huis te laat bou. Niemand het hiervan geweet nie. My kennis daarvan is persoonlik deur wyle Niklaas aan my meegedeel.[129]

Con de Wet noem weer:

> Ten spyte van sy ongenaakbare uiterlike, het hy tog ŉ sagte hart gehad. Die personeel van die Kaapse Staatsargiefbewaarplek, wat byna sonder uitsondering oud-studente van hom was, het elke jaar ŉ heerlike mandjie pruime uit sy tuin aan Mankadanstraat gekry.[130]

Ernst Stals roep dit verder in herinnering dat hy ook ŉ ander sy van Van der Merwe by die vergaderings van die Argiefkommissie, wat hulle in ŉ later stadium saam bygewoon het, ervaar het:

> Argiefkommissievergaderings het ŉ volle dag geduur en lede moes self vir hulle etes oor die middagpouse sorg. Prof. Van der Merwe het veral met latere vergaderings gesorg dat ek langs hom moes sit … Sodra ons vir middagete verdaag het, het hy my aan die arm gevat en gesê dat ons ŉ eetplek iewers in die stad moes gaan soek. By geleentheid, toe ons in die Argiefgebou in Koningin Victoriastraat in Kaapstad byeen was, het ons twee op sy aanbeveling in die Hildebrand restourant gaan eet. Met die sitslag het hy my aangesê om ŉ lekker wyn te bestel, "Wit of rooi, professor?" het ek versigtig verneem. "Nee man, in die middag drink ŉ mens nie rooiwyn nie!" Waarop hy die wynlys geneem en vir ons ŉ goeie witte laat kom het. Dinge soos hierdie het my laat besef dat my mentor nie maar net die oënskynlik ongenaakbare dosent en baas van sy departement was nie, maar ook ŉ interessante en menslike kant aan hom gehad het. Trouens, dit het soms aan toegeneentheid gegrens. Verdere bewys hiervan was dat, toe ons Geskiedenisdepartement aan die RAU hom ŉ slag uitgenooi het om ons te kom besoek en ŉ paar lesings rakende die Groot Trek te gee, hy dit aanvaar het en daarmee heeltemal van sy afsydigheid van openbare optredes afgewyk het. Hy het by ons

---

129. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, p 25.
130. Herinneringe opgestel op my versoek: C. de Wet, "Professor P.J. van der Merwe", Oktober 2007.

aan huis tuisgegaan en … ŉ gesellige aand saam met ŉ hele klompie van sy oudstudente rondom ŉ ete en goeie wyn deurgebring.[131]

Jan Visagie voeg hieraan toe:

Tog is dit so dat as ŉ mens hom mettertyd op ŉ meer persoonlike vlak leer ken, hy gaaf en selfs humoristies kon wees … Die enkele kere wat prof. Piet by ons aan huis gekom het, het ek hom ook leer ken as ŉ persoon wat af en toe ŉ kwinkslag kon kwytraak. Hy het ŉ hele paar keer saam met my vanaf Stellenbosch na die Argief gery waartydens sy humoristiese vermoëns ook na vore gekom het – iets wat ŉ mens gewoonlik nie van hom sou verwag nie … ŉ Positiewe aspek was tog dat prof. Piet altyd sy dosente "beskerm" het waar nodig en dat sy integriteit bo verdenking was: wat hy agter jou rug gesê het, sou hy ook reguit aan jou sê.[132]

## V

Die departement op Stellenbosch vertoon merkwaardige kontraste tussen briljante prestasies op sommige terreine en ernstige gebreke en leemtes op ander in die betrokke tydperk. Daar kan dus nie ŉ eenvoudige antwoord gegee word op die vraag of hierdie tydperk in die departement se geskiedenis oorwegend goue jare of verspeelde geleenthede verteenwoordig nie.

Die publikasies van beide Van der Merwe en Kotzé word byvoorbeeld nog steeds nuttig gebruik, ten spyte daarvan dat kritiek daarop uitgespreek kan word. Veral die publikasies van Van der Merwe word vandag, na bykans sewentig jaar, nog as van hoogstaande gehalte geëvalueer. Hoofsaaklik dié dele van Kotzé se publikasies wat as eietydse geskiedenis beskou kan word, is egter sterker aan die dinamiese veranderinge op die nasionale en internasionale terrein van die laaste drie dekades blootgestel. Desnieteenstaande is dit duidelik dat eweknieë uit die betrokke tydperke toe die publikasies van Van der Merwe en Kotzé verskyn het, dit besonder hoog getakseer het – in so ŉ mate dat albei met die hoogste toekenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon is.

Hierdie uitstaande prestasies van die twee professore het klaarblyklik ook hulle nagraadse studente geïnspireer. Die gehalte van tesisse in die tyd van Van der Merwe en Kotzé was van merkbare hoë gehalte, veral as die aantal wat in die *Argiefjaarboekreeks* en in

131. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike herinneringe aan prof. P.J. van der Merwe", Augustus 2007.
132. Herinneringe opgestel op my versoek: J.C. Visagie, "Herinneringe aan P.J. van der Merwe en D.J. Kotzé", Julie 2007.

boekvorm verskyn het, in ag geneem word. Hoewel die gebruik in die departement onder Van der Merwe en Kotzé dat net die twee professore studieleiding aan nagraadse studente gegee het, tot frustrasie onder ander kollegas gelei het, het dit moontlik tog daartoe meegewerk dat uitsette van besondere gehalte afgelewer is. Van der Merwe het weliswaar nie baie nagraadse studente regstreeks onder hom gehad nie, maar hy het as mede-studieleier/promotor so ŉ prominente rol vervul, dat sy invloed deeglik merkbaar was.

Op die gebied van voorgraadse en honneursonderrig was die prestasie van die departement meer gemengd. Kotzé het as die jong en entoesiastiese akademikus wel daarin geslaag om stimulerende onderrig aan sy studente te gee en groot waardering by hulle daarvoor af te dwing. Omdat hy met sy jarelange studie oor die rol van ideologieë in die geskiedenis ŉ deskundige op hierdie terrein geword het, was hy waarskynlik beter as enige van sy Suid-Afrikaanse tydgenote toegerus om wêreldgeskiedenis aan die hand daarvan vir sy studente te ontsluit. Hoewel hy ŉ effens teruggetrokke geaardheid gehad het, was hy ŉ toeganklike dosent met wie studente probleme kon bespreek. Van der Merwe, daarenteen, was minder toeganklik en sy onderrigstyl verouderd. Hy het klaarblyklik nooit probeer om vernuwing op hierdie gebied in te voer van die jare veertig toe hy as ŉ "uitstekende" dosent getipeer is tot die laat jare vyftig en die sestigerjare toe hy skerp vir sy onderrig gekritiseer is nie. Benewens Van der Merwe se aangepaste dikteerstyl, is hy veral gekritiseer vir sy fokus op klein detailtemas (waaroor hy self navorsing gedoen het) en die ernstige leemtes in sy honneursleerplan. Dit moet nogtans in ag geneem word dat Van der Merwe op verre na nie die enigste dosent was wat tot so onlangs as die sestigerjare aantekeninge aan studente gedikteer het nie.[133] Hoewel hierdie metode om kennis oor te dra nie bevorderlik vir debat en bespreking was nie, kan daar ook begrip daarvoor wees as ŉ oorblyfsel uit ŉ vorige tydperk toe dit meer algemeen gebruik is. Ten opsigte van die detailtemas vir derdejaars, het sommige oudstudente nogtans die waarde van hulle blootstelling aan navorsingsmetodologie besef. Chris Venter beklemtoon byvoorbeeld: "Die navorsingsmetode wat hy in die derdejaarslesings met ons gedoen het, was die beste basis wat ŉ historikus kon kry."[134] Diko van Zyl wys daarop dat Van der Merwe se klem "op die opleiding van geskiedenisstudente as geskiedskrywers was".[135] Die lesse wat ek persoonlik uit sy omstrede seminaarklasse op

133. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 18.
134. Herinneringe opgestel op my versoek: C. Venter, "Herinneringe", September 2007.
135. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, p 8.

derdejaarsvlak en sy robuuste kritiek op ons honneurswerkstukke geleer het, is blywend by my ingeskerp.[136] Die leemtes in die honneursleerplan ten opsigte van teorie/filosofie en historiografiese tendense is egter onverskoonbaar en het, tesame met die gebrek aan blootstelling van studente aan historiese diskussies in vaktydskrifte, ŉ ernstige leemte vir afgestudeerde studente meegebring.

Die verwyt dat "die gees van Afrikanerdom … ook in geskiedeniskursusse en benadering tot die vak in die departement"[137] neerslag gevind het, moet waarskynlik teen die tydagtergrond beoordeel word.[138] Dit lyk onregverdig om die departement op Stellenbosch teen die einde van die jare vyftig en vroeë sestigerjare in hierdie verband uit te sonder. Het al die Afrikaanstalige universiteite in die land hulle nie in hierdie tyd maar aan dieselfde "oortreding" skuldig gemaak nie? Ten opsigte van die Departement Geskiedenis by die Universiteit van Pretoria is Alex Mouton van oordeel dat "volksgeskiedenis" stewig daar ingebed was.[139] Ken Smith, in sy ontleding van "Afrikaans historiography", sonder ook nie die departement op Stellenbosch in hierdie verband uit nie.[140] Smith gaan selfs so ver as om Van der Merwe te noem as een van die Afrikaanse historici wat juis nie van ŉ republikeinse of nasionalistiese uitgangspunt in sy werk beskuldig kan word nie.[141]

Die departement se Achilleshiel in die tydperk toe Van der Merwe en Kotzé gesamentlik in beheer was, was ongetwyfeld die gebrek aan deelnemende bestuur, betekenisvolle wisselwerking tussen die professore en ander lede van die departement, asook akademiese stimulering. Belangrike potensiaal het hiermee onbenut gebly en het kollegas in die departement gefrustreerd gelaat. Oudstudente en oudkollegas verwys in hulle herinneringe onder meer na ŉ "outokratiese bestuurstyl";[142] "kultuur van voorskriftelikheid";[143] "strakke rangordes";[144] "gebrek aan warmte,

136. Persoonlike herinneringe.
137. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 16.
138. Henning van Aswegen som dit trouens goed op selfs vir die sewentiger- en tagtigerjare: "Die RAU was, soos Stellenbosch en die UOVS, ŉ Afrikaner universiteit deur en deur" – Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 55.
139. F.A. Mouton, *History, Historians and Afrikaner Nationalism. Essays on the History Department of the University of Pretoria, 1909-1985 (*Kleio, Vanderbijlpark, 1977).
140. Smith, *The Changing Past*, pp 57-102.
141. Smith, *The Changing Past*, p 77.
142. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Dirk Kotzé: Statuur as Akademikus", Oktober 2007, p 5.
143. Herinneringe opgestel op my versoek: E.L.P. Stals, "Persoonlike herinneringe aan prof. P.J. van der Merwe", Augustus 2007.

samewerking en selfs leiding";[145] en 'n "atmosfeer" wat "benouend"[146] in die departement was. Daar bestaan weinig twyfel dat Van der Merwe met sy dominerende persoonlikheid die dryfkrag agter die instandhouding van die verouderde en onbeweeglike strukture was wat tot hierdie toedrag van sake aanleiding gegee het. Hy het dit in alle waarskynlikheid deels van sy voorgangers geërf. Dit het in 'n groot mate inisiatief in die departement gedemp en besluite oor belangrike aangeleenthede amper uitsluitlik in die hande van die twee professore gelaat. Geen departementele vergaderings is gehou nie en dosente is slegs by uitsondering bymekaargeroep, merendeels om mededelings van die professore aan te hoor. Departementele seminare het gewoon nie plaasgevind nie en daar was min geleentheid vir akademiese gesprek en debat in die departement. Skakeling met departemente by Engelstalige universiteite is selde of ooit geïnisieer.[147]

Wanneer 'n geheelbeeld dus van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch vir die tydperk 1959 tot 1977 verkry word, is dit duidelik dat veral ten opsigte van die publikasies van die twee professore en dié van meestersgraad- en doktorale studente, goue jare beleef is. Ten opsigte van voorgraadse en honneursonderrig word die departement uiteenlopend geëvalueer, wat in 'n groot mate met die doseerstyle en benaderings van die twee professore saamgehang het. Die departement vaar beslis die swakste op die gebied van onderlinge verhoudinge en akademiese dinamiek in die departement. In hierdie opsig was die betrokke tydperk beslis een van verspeelde geleenthede. Dit moet nogtans beklemtoon word dat departementslede en studente van hierdie tydperk in 'n groot mate daarin geslaag het om dié leemtes te oorkom en hulle binne die gemeenskap van historici in Suid-Afrika, en in sommige gevalle selfs internasionaal, in sterk mededingende posisies te plaas. Uit die geledere van studente van die departement uit dié tydperk (1959-1977) is meer hoogleraars in Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse

144. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 15.
145. Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 15.
146. Kapp, *Verantwoorde Verlede*, p 89.
147. Daar moet nogtans daarop gewys word dat kontak tussen departemente Geskiedenis aan Engelssprekende en Afrikaanssprekende universiteite in hierdie tyd in elk geval weinig of glad nie plaasgevind het nie. Stellenbosch behoort waarskynlik nie in hierdie verband uitgesonder te word nie. Henning van Aswegen en Pieter Kapp wys byvoorbeeld daarop dat daar in hulle tyd by die Randse Afrikaanse Universiteit – onderskeidelik 1974 tot 2001 en 1972 tot 1985 – aanvanklik min indien enige kontak met die nabygeleë departement by Wits was – blykbaar vir die eerste keer as departement in die negentigerjare! – Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, pp 44, 82.

universiteite opgelewer (ongeveer tien) as uit enige vergelykbare voorafgaande of latere tydperk. Hierdie prestasie is na alle waarskynlikheid ook nie deur enige van die Geskiedenisdepartemente aan ander Suid-Afrikaanse universiteite vir tydperke van ooreenstemmende duur nagedoen nie. Dit kan waarskynlik enersyds aan die voorbeeld van besondere publikasie-uitsette deur die departementele leiers, hulle klem op indringende en omvattende navorsing en deeglike, kompromislose studieleiding toegeskryf word. Andersyds kan dit moontlik gesien word as 'n reaksie op die gebrek aan deelnemende bestuur in die departement en veral die gebrek aan akademiese wisselwerking tussen kollegas en met akademici van elders, wat individuele dosente gedwing het om self sterker inisiatief te neem.[148]

Beide Van der Merwe en Kotzé kan sekerlik as leidende of invloedryke Suid-Afrikaanse historici beskou word.[149] Van der Merwe kan veral op grond van sy belangrike vroeë publikasies en die "langtermyn invloed wat hy op gehalte-navorsing en -geskiedskrywing op nagraadse studente in sy departement gehad het wat nie net op Stellenbosch nie maar ook by ander universiteite in Suid-Afrika neerslag gevind het", as 'n besonder belangrike en invloedryke Suid-Afrikaanse historikus bestempel word. Daar het egter pertinente tekortkominge ten

148. Hermann Giliomee verwoord miskien iets van die krag van hierdie reaksie in 'n onderhoud met Hanlie Retief (van *Rapport*): "Toe Stellenbosch my daardie jare gesê het ek is nie goed genoeg nie, was dit vir my 'n hélse stimulus. Ek het besluit ek sal nie verbitter nie, nié van julle vervreem nie, maar, julle blêddie *fools*, ek gaan julle wýs julle is verkeerd!" – *Rapport,* 25 November 2007, p 22 (Nuus – Altyd gatkant teen die juk). Henning van Aswegen sluit hierby aan in gedagtewisseling met Pieter Kapp: "[D]it lyk ook asof ons beide uit die negatiewe ervarings heelwat geleer het en in mens se eie loopbaan veral doelgerig daardie negatiewe dosent/student verhoudings en krapperige, soms kleinlike onderlinge verhoudings met mede dosente totaal probeer uitskakel het" – Van Aswegen & Kapp, *Verandering en Vernuwing*, p 53.

149. Diko van Zyl stel vir die beoordeling hiervan 'n spektrum van onafhanklike kriteria voor, naamlik deurlopende en oorspronklike gehalte-navorsing en -publikasies wat wye erkenning van vakgenote geniet; hoogstaande studieleiding aan 'n wesentlike aantal magister- en doktorale studente; die inisiëring van omvangryke navorsingsprojekte waarby 'n wye spektrum akademici en nagraadse studente betrek word; besielende en gehalte-onderrig aan studente; die promovering van die vak na buite deur byvoorbeeld referate, lesings en deelname aan vakverenigings; en doeltreffende en inspirerende departementele leierskap – Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, pp 1-2.

opsigte van sommige aspekte by hom voorgekom.[150] Soos aangetoon, het Kotzé se publikasies waarskynlik nie dieselfde impak oor tyd as dié van Van der Merwe gehad nie. Kotzé was egter 'n meer afgeronde historikus as Van der Merwe deurdat hy ten opsigte van feitlik al die kriteria wat vir die beoordeling van 'n vooraanstaande Suid-Afrikaanse historikus gestel kan word, besondere prestasies gelewer het – te meer indien sy siekte en afsterwe in 'n stadium toe hy nog baie produktief kon wees, in aanmerking geneem word.[151]

Die gesamentlike impak van Van der Merwe en Kotzé op die gemeenskap van Suid-Afrikaanse historici en Geskiedenisstudente van die vyftiger- tot die sewentigerjare moet nie onderskat word nie en het waarskynlik vir lank daarna voortgeduur. Die positiewe aspekte hierin oorskadu ongetwyfeld die negatiewe elemente wat deur oudstudente en ander aangestip is.

## Opsomming

Hierdie artikel fokus op die periode 1959 tot 1977, maar gee ook aandag aan die voorafgaande en daaropvolgende jare wanneer nodig. Dit benut die herinneringe van kollegas en studente van P.J. van der Merwe en D.J. Kotzé saam met ander bronne. Die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch het in hierdie tydperk skerp kontraste tussen uitstaande prestasies en betekenisvolle tekortkominge vertoon. Die meriete van Van der Merwe en Kotzé se publikasies is byvoorbeeld wyd deur eweknieë in dié tyd erken. Die tesisse van nagraadse studente was ook van merkbare hoë gehalte. Onderrig aan derdejaars- en honneursstudente was egter van gemengde gehalte. Studente van die laat-vyftiger- en die sestigerjare was veral skerp krities teenoor Van der Merwe in hierdie verband. Die swak punt in hierdie tydperk was die outokratiese bestuurstyl en gebrek aan akademiese interaksie tussen kollegas in die departement en met ander Geskiedenisdepartemente. Ten spyte van hierdie tekortkominge het studente en dosente van hierdie periode nogtans daarin geslaag om hulleself in mededingende posisies tussen mede-historici in Suid-Afrika te vestig – in 'n groter mate as in enige ander vergelykbare tydperk in die geskiedenis van die departement. Dit demonstreer in sekere opsigte die positiewe invloed van dié tydperk.

150. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, pp 1-2.
151. Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Piet van der Merwe", September 2007, pp 1-2; Herinneringe opgestel op my versoek: D.J. van Zyl, "Prof. Dirk Kotzé: Statuur as Akademikus", Oktober 2007, pp 7-8.

## Abstract

### P.J. (Piet) van der Merwe and D.J. (Dirk) Kotzé at the helm at Stellenbosch, 1959-1977: Golden Years or Wasted Opportunities?

This article focuses on the period 1959 to 1977, but also brings into play the years prior to and afterwards when necessary. It utilizes the reminiscences of colleagues and students of P.J. van der Merwe and D.J. Kotzé together with other sources. During this period the department manifested sharp contrasts between outstanding achievements and significant shortcomings. The merit of Van der Merwe and Kotzé's publications was, for example, widely acknowledged by peers at the time. The theses of postgraduate students were notably of a markedly high quality as well. The teaching to third year and honours students was, however, more of a mixed bag. Students of the late fifties and sixties sharply criticized Van der Merwe in this regard. The weak link of this period was the autocratic style of governance and lack of academic interaction between colleagues within the department and with other departments of History. Despite these shortcomings, students and lecturers of this period nevertheless managed to establish themselves in competitive positions amongst fellow historians in South Africa – to a larger degree than in any other comparable period in the history of the department. This demonstrates the positive influence of this period to a certain extent.



**Sleutelwoorde**

Akademiese interaksie; D.J. Kotzé; Departement Geskiedenis by Stellenbosch; historiografie; onderrig; P.J. van der Merwe; studieleiding; Universiteit van Stellenbosch.

**Keywords**

Academic interaction; D.J. Kotzé; Department of History at Stellenbosch; historiography; P.J. van der Merwe; supervision; teaching; University of Stellenbosch.